

Via Afrika Rekeningkunde

Graad 11 Studiegids

E. Boshoff, P.Bean, M. Kleyn, M. Christelis, D.P. Ntintili, N.V. Kapela, N. Singh, E. Havenga, J.M. Magaba, M.M. Ramashala, J.P. Karamichael



Via Afrika

Our Teachers. Our Future.



E. Boshoff

Studiegids

Via Afrika Rekeningkunde

Graad 11



ISBN: 978-1-41546-337-6

Inhoud

INLEIDING TOT REKENINGKUNDE	1
-----------------------------------	---

Kwartaal 1

KWARTAAL 1 OORSIG	6
-------------------------	---

Onderwerp 1 Etiek.....	7
------------------------	---

Oefening 1.....	7
-----------------	---

Onderwerp 2 Interne beheer	9
----------------------------------	---

Oefening 1.....	9
-----------------	---

Onderwerp 3 Bankrekonsiliasie	11
-------------------------------------	----

Oefening 1.....	13
-----------------	----

Oefening 2.....	16
-----------------	----

Oefening 3.....	19
-----------------	----

Onderwerp 4 Vaste bates	21
-------------------------------	----

Oefening 1.....	25
-----------------	----

Oefening 2.....	26
-----------------	----

Oefening 3.....	28
-----------------	----

Onderwerp 5 Vennootskappe.....	31
--------------------------------	----

Oefening 1.....	31
-----------------	----

Oefening 2.....	36
-----------------	----

Oefening 3.....	39
-----------------	----

Kwartaal 2

KWARTAAL 2 OORSIG.....	44
------------------------	----

Onderwerp 1 Vennootskappe: Ontleding van finansiële state	45
---	----

Oefening 1.....	48
-----------------	----

Oefening 2.....	55
-----------------	----

Oefening 3.....	57
-----------------	----

Oefening 4	58
------------------	----

Onderwerp 2 Organisasies sonder winsbejag/Klubs.....	60
--	----

Oefening 1.....	60
-----------------	----

Oefening 2.....	62
-----------------	----

Oefening 3.....	64
-----------------	----

Kwartaal 3

KWARTAAL 3 OORSIG.....	65
Onderwerp 1 Koste-rekeningkunde	66
Oefening 1.....	67
Oefening 2.....	71
Oefening 3.....	73
Onderwerp 2 Opstel van 'n begroting.....	76
Oefening 1.....	76
Oefening 2.....	78
Oefening 3.....	81
Onderwerp 3 Voorraadstelsels.....	82
Oefening 1.....	82
Oefening 2.....	83
Oefening 3.....	84
Oefening 4.....	85

Kwartaal 4

Kwartaal 4 Oorsig	86
Onderwerp 1 Belasting op toegevoegde waarde (BTW)	87
Oefening 1.....	88
Oefening 2.....	89
Eindeksamenvraestel.....	90
Voorgestelde antwoorde	111

Inleiding tot rekeningkunde

Basiese beginsels van rekeningkunde

Die hoofdoel van enige onderneming is om wins te maak. Die onderneming maak van fondse gebruik om bates aan te koop wat die onderneming sal help om inkomste te verdien uit die bedrywighede van die onderneming. Die eienaars kan die fondse voorsien (eienaarsbelang) of die fondse kan uit ander bronne kom (laste). Dit lei tot die rekeningkundige vergelyking:

$$\text{BATES} = \text{EIENAARSBELANG} + \text{LASTE}$$

$$B = EB + L$$

Eienaars of bestuurders het inligting nodig om te sien of hul ondernemingsaktiwiteite vir 'n bepaalde tydperk tot 'n wins of 'n verlies gelei het. Die doel van Rekeningkunde is om die nodige inligting op gestruktureerde wyse beskikbaar te stel. Die struktuur van die inligting moet dieselfde wees vir elke onderneming en ook vir elke rekeningkundige tydperk. Dit maak dit makliker om die inligting te verstaan en te ontleed en dit vorm 'n basis vir besluitneming.

AARP-begrippe

Die beginsels vir Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk gee riglyne vir die manier waarop die inligting uiteengesit word. Die volgende ses begrippe is van toepassing:


- **Historiese koste-begrip:** Bates word teen die oorspronklike koste opgeteken en die waardes word nie verander namate markwaarde verander nie.
- **Omsigtigheidsbegrip:** Wanneer 'n transaksie op meer as een manier opgeteken kan word, behoort dit op die meer konserwatiewe manier opgeteken te word.
- **Weselikheidsbegrip:** Indien 'n bedrag of transaksie onbeduidend is of nie 'n werklike verskil gaan maak nie, kan die beginsels buite rekening gelaat word.
- **Ondernemingsentiteit-begrip:** Die transaksies van die onderneming word apart gehou van die persoonlike transaksies van die eenaar.
- **Lopende-onderneming-begrip:** Ons aanvaar dat die onderneming in bedryf sal bly om sy doel te bereik.
- **Paringsbegrip:** Uitgawes wat betaal word om inkomste te verdien word in dieselfde tydperk opgeteken as die inkomste wat verdien word.

Ander begrippe wat in hierdie groep deur AARP geïdentifiseer word:

- **Konsekwentheidsbegrip:** Gebruik dieselfde rekeningkundige metode binne 'n gegewe tydperk en van jaar tot jaar.
- **Toevallingsbasis:** Behandel die waardes wat gedurende 'n spesifieke tydperk verdien is, asook die waardes wat in 'n spesifieke tydperk as inkomste en uitgawes gebruik is om die wins vir daardie tydperk te bereken.

Rekeningkundige kringloop

Die basiese rekeningkundige kringloop is op elke onderneming van toepassing:




Brondokumente voorsien 'n bewys van elke transaksie en gee al die inligting oor die transaksies. Die onderneming teken soortgelyke transaksies in spesifieke joernale op om die oorplasing na die grootboeke te vergemaklik.

Transaksie	Brondokument	Hulpjoernaal
Alle geld wat ontvang is	Duplikaatkwitansie Kasregisterrol Duplikaat-depositostrokie EFO/Direkte deposito Krediete op bankstaat	Kontantontvangstejoernaal (KO)
Alle betalings wat gedoen is	Tjekteenblad (Tjeks uitgereik) EFO (Elektroniese fondsoorplasing) Debiete op bankstaat	Kontantbetalingsjoernaal (KBJ)
Alle betalings uit kleinkas	Kleinkasbewysstuk	Kleinkasjoernaal (PCJ)
Kredietverkope van handelsware	Duplikaatfaktuur (Fakture uitgereik)	Debiteurjoernaal (DJ)
Terugsendings deur debiteure of kortings aan debiteure	Oorspronklike kredietnota (Kredietnota uitgereik)	Debiteurkortingsjoernaal (DKJ)

Krediet aankope van handelsware en ander bates en dienste op krediet aan ons gelewer	Oorspronklike faktuur (Fakture ontvang)	Krediteurejoernaal (KJ)
Terugsendings aan krediteure of kortings ontvang	Oorspronklike debietnota (Debietnota uitgereik)	Krediteurekortingsjoernaal (KKJ)
Transaksies wat nie in ander joernale tuishoort nie	Joernaalaantekening of Joernaalbewysstuk	Algemene Joernaal (AJ)
Berekening van salarisse en lone	Personeelregister en -kontrakte	Salarisjoernaal (SJ) Loonjoernaal (LJ)


Hulpjoernale verstrek nie genoeg inligting sodat die wins of verlies bereken kan word nie. Die inligting word oorgeplaas na **grootboekrekeninge**, waar al die veranderinge in die waarde van bates, laste, eienaarsbelang, inkomste of uitgawes aangeteken word.

Die onderneming gebruik die **dubbelinskrywingstelsel** om inligting in die grootboekrekeninge aan te teken. Elke rekeningkundige inskrywing behels minstens twee rekeninge: As jy een rekening debiteer, krediteer jy 'n ander rekening. Maak debietinskrywings aan die linkerkant van die T-rekening en maak kredietinskrywings aan die regterkant van die T-rekening.



Rekeningkundige vergelyking

Die rekeningkundige vergelyking bepaal watter kant van die rekening gebruik moet word:



Eienaarsbelang

Eienaarsbelang is die bedrag wat die onderneming aan die eenaar skuld, of die eenaar se aandeel in die onderneming. Onthou dat dit die hoofdoel van 'n onderneming is om 'n wins te maak. Die eenaars is geregtig op die wins aangesien hulle gewoonlik die meeste van die fondse voorsien. Hulle aanvaar die risiko en behoort 'n opbrengs op hul belegging te kry. Die wins word in twee dele bereken:

$$\begin{aligned} \text{Bruto wins} &= (\text{Verkope} - \text{Debiteurekortings}) - \text{Koste van verkope} \\ \text{Netto wins} &= \text{Bruto wins} + \text{Inkomste} - \text{Uitgawes} \end{aligned}$$

Uitwerking op eienaarsbelang

- Verkope en Inkomste vergroot die wins en vergroot dus die eienaarsbelang.
- Koste van verkope en Uitgawes verminder die wins en verminder dus die eienaarsbelang.
- Die tabel gee 'n opsomming van die grootboekinskrywings:

	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
Bates	Vermeerder	Verminder
Eienaarsbelang	Verminder	Vermeerder
Inkomste/Verkope/Wins	Verminder	Vermeerder
Uitgawes/Koste van verkope/Verlies	Vermeerder	Verminder
Laste	Verminder	Vermeerder

Rekeninge in die Algemene Grootboek word verdeel in die Balansstaatrekening-afdeling en die Nominalerekening-afdeling met 'n spesifieke doel in die oog:

Afdeling	Rekeninge	Doel
Balansstaatrekening-afdeling	Kapitaal, Onttrekkings, Bates, Laste	Om die finansiële posisie van die onderneming in die finansiële state (Balansstaat) te bepaal
Nominalerekening-afdeling	Verkope, Koste van verkope, Inkomste, Uitgawes	Om die resultaat van die werksaamhede (wins of verlies) in die finansiële state (Inkomstestaat) te bepaal

'n **Proefbalans** is 'n lys van al die Algemene Grootboekrekeninge met hul saldo's (waardes) wat bewys dat die totale bedrag van debietsaldo's gelyk is aan die totale bedrag

van kredietsaldo's. Wanneer 'n mens die Proefbalans opstel, sal die rekeninge in dieselfde afdelings en dieselfde orde verskyn as in die Algemene Grootboek. Aan die einde van die rekeningkundige tydperk kan 'n mens, nadat sekere aansuiwerings gemaak is, die inligting in die Proefbalans gebruik om die **finansiële state** op te stel. Die finansiële state toon die resultate van ondernemingswerkzaamhede: wins of verlies (Inkomstestaat) asook die finansiële posisie van die onderneming (Balansstaat).

Vorme van eienaarskap

Die rekeningkundige kringloop en die rekeningkundige vergelyking, die basiese beginsels van rekeningkunde, is van toepassing op alle ondernemings. Dit maak nie saak of dit 'n eenpersoonsaak, vennootskap of maatskappy is nie. Eienaars is geregtig op die wins, en eienaarsbelang is die bedrag wat die onderneming steeds aan die eenaar/eenaars skuld, of die eenaar se aandeel in die onderneming.

Die vernaamste verskille is die verdeling van die wins en die struktuur van die eienaarsbelang. In Graad 11 is die fokus op eenpersoonsake en vennootskappe.

Vorm van eienaarskap	Struktuur van eienaarsbelang
Eenpersoonsaak	Kapitaal + Netto wins – Onttrekkings
Vennootskap	Kapitaal Lopende rekeninge van vennote (Verdiensle – Onttrekkings)

Finansiële state

Die onderneming moet die inligting afkomstig van die transaksies op so 'n manier uitsorteer en organiseer dat dit vir ander gebruikers betekenis het. Die finansiële state verteenwoordig die transaksies vir 'n spesifieke finansiële jaar.

Die finansiële state van die onderneming vir elke finansiële jaar vertel die 'storie' van die onderneming. Dit stel die eenaar of eenaars in staat om die prestasie van die onderneming te ontleed en die regte besluite te neem.

Oorsig

Kwartaal 1 Oorsig	Onderwerp 1 Bladsy 7	<ul style="list-style-type: none"> • Betekenis van etiek
	Etiek	
	Onderwerp 2 Bladsy 9	
	Interne beheer	<ul style="list-style-type: none"> • Beskerming van bates en hulpbronne
	Onderwerp 3 Bladsy 11	
	Bankrekonsiliasie	<ul style="list-style-type: none"> • Wat is bankrekonsiliasie? • Redes vir bankrekonsiliasie • Prosedure vir bankrekonsiliasie
	Onderwerp 4 Bladsy 21	
	Vaste/tasbare bates	<ul style="list-style-type: none"> • Wat is 'n bate? • Vaste bates • Begrippe • Verkoop van 'n vaste bate
	Onderwerp 5 Bladsy 31	
	Vennootskappe	<ul style="list-style-type: none"> • Aansuiwerings

Die betekenis van etiek

Etiek het betrekking op die 'korrekte manier' om dinge te doen. Dit gaan oor die manier waarop ondernemings en mense in ondernemings in die sakewêreld behoort op te tree. In enige onderneming behoort mense die verskil te ken tussen 'n goeie en 'n swak besluit en hulle behoort te kies om die regte ding te doen.

Oefening 1

- 1.1 Noem drie voordele van etiese optrede vir 'n onderneming:

- 1.2 Verduidelik die verskil tussen die etiese en onetiese optrede in die volgende voorbeelde. Gee redes vir jou antwoorde.

1.2.1 Die boekhouer deponeer nie altyd die kontant wat vir 'n spesifieke dag ontvang is op dieselfde dag in die lopende bankrekening van die onderneming nie. Sy 'leen' die kontant vir persoonlike uitgawes en 'betaal' dit terug aan die einde van die maand, wanneer sy haar salarisse ontvang, deur die korrekte bedrag in die lopende bankrekening van die onderneming te deponeer.

--

1.2.2 Die eienaar onttrek kontant uit die lopende bankrekening van die onderneming om sy kind se skoolgeld te betaal.

--

Etiek

1.2.3 'n Bestuurder verkoop beskadigde goedere wat die klante terugbring het aan haar vriende teen 'n verminderde prys. Sy skenk die geld aan die plaaslike skool namens die onderneming.

1.2.4 'n Bestuurder verkoop vervaardigde goedere wat die klante terugbring het aan sy vriende teen 'n verminderde prys. Hy gebruik die geld vir persoonlike uitgawes.

1.2.5 'n Werknemer gebruik 'n dataprojektor van sy werk om tuis oor naweke na films te kyk. Die eienaar het nie toestemming hiervoor gegee nie.

1.2.6 'n Verkoopsassistent lig 'n klant dat die toerusting wat sy wil koop, winkelgeslyt is.

1.3 Watter uitwerking sal onetiese optrede deur werknemers en bestuurders op die onderneming hê?

Die beskerming van bates en hulpbronne

Interne beheer het betrekking op beleid en prosedures wat deur 'n onderneming ingestel word om sy bates en hulpbronne te beskerm en om foute, bedrog en diefstal te voorkom.

Oefening 1

- 1.1 Sandy's Hair Buzz het vyf mense in diens. Almal het toegang tot die kasregister. Daar is nie 'n vaste pryslys nie. Eienaar Sandy Shaw deponer aan die einde van elke week kontant in die bank.

Lewer kommentaar oor moontlike probleme wat die onderneming kan hê indien hulle slegs kontant gebruik. Stel 'n oplossing vir die probleem voor.

Moontlike probleme:

Voorgestelde oplossings:

Interne beheer

- 1.2 Mabuza Vervoer besit twee afleweringvoertuie. Volgens hul beplanning behoort die twee voertuie min of meer dieselfde afstand te ry gedurende 'n tydperk van sewe dae. Een van die vragwabestuurders vra gereeld meer brandstof. Gee raad aan die eienaar oor hoe om beter beheer oor die voertuie uit te oefen.

- 1.3 Die eienaar van Kubayi Handwerk het ongerymdhede gevind in die bedrag van grondstowwe wat aangekoop is en die voltooide goedere wat aan winkels gelewer word. Help haar om voorraadbeheermaatreëls in te stel om vermorsing of diefstal te voorkom.

Bankrekonsiliasie

Wat is bankrekonsiliasie?

Bankrekonsiliasie maak deel uit van die internebeheerprosedure van 'n onderneming. Die onderneming vergelyk hul kontantrekords met die inligting wat hulle van die bank

Rekords van die onderneming:

- Kontantontvangstejoernaal

Rekords van die bank:

- Bankstaat

Hulle ondersoek enige verskille en maak korreksies: hulle rekonsilieer die rekords van die onderneming en die rekords van die bank.

Verskille tussen die rekords kan toegeskryf word aan:

- Tydsverskille in die optekening van die inligting
- Foute in die optekening van die inligting.

Redes vir bankrekonsiliasie

Bankrekonsiliasie:

- verifieer die kontantbedrag in die bankrekening
- stel 'n onderneming in staat om kontantvloei te beheer
- bied 'n geleentheid om foute op die bankstaat uit te skakel bring onreëlmatighede aan die lig.

Prosedure vir bankrekonsiliasie

- Vergelyk die bankrekonsiliasiestaat van die vorige maand met die huidige bankstaat. Merk alle verskille (wanneer die inligting nie in albei stelle rekords veskyn nie).
- Vergelyk die bedrae in die bankkolom van die Kontantontvangstejoernaal met die deposito's (krediete) op die bankstaat. Merk alle verskille.
- Vergelyk die bedrae in die bankkolom van die Kontantbetalingsjoernaal met die betalings (debiete) op die bankstaat. Merk alle verskille.
- Ondersoek items wat op die vorige bankrekonsiliasiestaat gemerk is. Bring korreksies aan of teken hulle weer in die huidige bankrekonsiliasie staat aan.

Bankrekonsiliasie

- Teken alle verskille/gemerkte items op die bankstaat óf in die kontantjoernale van die onderneming óf in die bankrekonsiliasiestaat aan indien die bank korreksies moet maak.
- Teken alle verskille/gemerkte items op die kontantjoernale in die bankrekonsiliasiestaat aan of stel dit reg in die kontantjoernale.
- Plaas die nuwe totale van die kontantjoernale oor na die Bankrekening in die Algemene Grootboek van die onderneming.
- Die nuwe saldo van die Bankrekening in die Algemene Grootboek moet klop met die saldo volgens die bankrekonsiliasiestaat.

Die onderneming stel die bankrekonsiliasie staat op – nie die bank nie. Die Bankrekonsiliasiestaat help die onderneming om die spoor te volg van inligting wat die bank nog nie opgeteken het nie.

Moontlike inskrywings in die Kontantontvangstejoernaal

- ✓ Direkte deposito's in lopende bankrekening
- ✓ Ontvangste wat nie aangeteken is nie / Inskrywings wat weggelaat is
- ✓ Kansellasië van tjeks
- ✓ Regstelling van betalings (indien die bedrag wat in die Kontantbetalingsjoernaal opgeteken is, te hoog was)
- ✓ Rente van die bank ontvang wat nog nie aangeteken is nie.

Moontlike inskrywings in die Kontantbetalingsjoernaal

- ✓ Aftrekorders of debietorders wat deur die bank betaal is, maar wat die onderneming nog nie aangeteken het nie
- ✓ Bankkoste wat nog nie aangeteken is nie
- ✓ Rente op oortrekking wat nog nie aangeteken is nie
- ✓ Tjeks, ontvang van debiteure, geweier (verwys na trekker)
- ✓ Regstelling van betalings (indien bedrag wat in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken is, te min was)
- ✓ Elektroniese fondsoordragte wat nog nie aangeteken is nie
- ✓ Betalings wat nie aangeteken is nie / Inskrywings wat weggelaat is.

Moontlike inskrywings op die Bankrekonsiliasiestaat

- ✓ Uitstaande deposito's / deposito's nog nie deur bank aangeteken nie
- ✓ Uitstaande tjeks / tjeks nog nie vir betaling aangebied nie
- ✓ Regstelling van foute deur die bank gemaak.

Bankrekonsiliasie

Geen inskrywing

- Wanneer die onderneming 'n vooruitgedateerde tjek van 'n debiteur ontvang, moet hierdie prosedure gevolg word:
 - ✓ Teken die tjek aan in die register vir vooruitgedateerde tjeks ontvang
 - ✓ Hou die tjek op 'n veilige plek tot die datum wat op die tjek verskyn
 - ✓ Reik 'n kwitansie uit op die datum van die tjek
 - ✓ Teken die tjek aan in die Kontantontvangstejoernaal
 - ✓ Deponeer die tjek
- Wanneer uitstaande deposito's van die vorige Bankrekonsiliasiestaat op die huidige maand se bankstaat verskyn
- Wanneer uitstaande tjeks van die vorige Bankrekonsiliasiestaat op die huidige maand se bankstaat verskyn

OEFENING 1

Die inligting hieronder het betrekking op die rekords van Mass Handelaars:

Inligting

1

BANKREKONSILIASIESTAAT van Mass Handelaars op 31 Mei 20.2		
	Debiet	Krediet
Gunstige saldo volgens bankstaat		1 254
Uitstaande deposito		1 553
Uitstaande tjeks:		
Nr. 432 (gedateer 19 November 20.1)	250	
Nr. 778 (gedateer 24 Mei 20.2)	2 800	
Nr. 792 (gedateer 25 Mei 20.2)	540	
Nr. 798 (gedateer 31 Mei 20.2)	1 200	
Nr. 801 (gedateer 1 Julie 20.2)	2 400	
Ongunstige saldo volgens Bankrekening		4 383
	7 190	7 190

- 2 Totale van die bankkolomme in die kontantjoernale op 30 Junie 20.2:
 - Kontantontvangstejoernaal, R25 670
 - Kontantbetalingsjoernaal, R19 800.
- 3 Tjek 432 is aan Protea Tuinklub uitgereik as 'n skenking. Die klub is ontbind. Die tjek moet gekanselleer word.
- 4 Tjek 778 verskyn op die bankstaat op 10 Junie 20.2.

Bankrekonsiliasie

- 5 Tjek 798 verskyn op die bankstaat as R2 100. Dit was die korrekte bedrag van die tjek. Die tjek is uitgereik aan Furnico vir meubels wat gekoop is vir die eienaar se kantoor in die onderneming.
- 6 Tjeks 792 en 801 het nie op die bankstaat vir Junie 20.2 verskyn nie.
- 7 'n Deposito vir R1 553 verskyn op die bankstaat op 2 Junie 20.2.
- 8 'n Deposito vir R9 700 het nie op die bankstaat vir Junie 20.2 verskyn nie.
- 9 Die bankstaat toon hierdie krediete:
- R15 900 vir 'n vaste deposito wat uitkeerbaar is insluitende rente van R900
 - R5 450 huurgeld gedeponeer deur die huurder van een van die kantore.
- 10 Die bankstaat toon hierdie debiete:
- 'n Debietorder vir R1 090 vir die telefoonrekening van die onderneming
 - 'n Debietorder vir R760 vir die persoonlike telefoonrekening van die eienaar
 - Rente op debietsaldo, R126
 - Kredietkaartheffings, R467
 - Kontantdepositogelde, R90.
- 11 Die bank het hierdie tjeks geweier:
- Tjek 124 ontvang van debiteur C. Side vir R1 870. Die debiteur het nie die tjek onderteken nie.
 - Tjek 455 vir R480 ontvang van D. Simons ter vereffening van skuld van R500.
- 12 Tjek 812 vir R1 500 ten gunste van Magnum Motors vir nuwe bande vir die bakkie verskyn op die bankstaat as R1 500. Dit is in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken vir R1 050.
- 13 Die onderneming ontvang 'n tjek van debiteur C. Jabula vir R560. Die tjek is gedateer vir 2 Julie 20.2. Die boekhouer het nie 'n kwitansie uitgereik nie. Dit is nie in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken nie.
- 14 Die volgende tjeks verskyn in die Kontantbetalingsjoernaal maar nie op die bankstaat nie:
- Nr. 825 ten gunste van Jack Smith vir herstelwerk (gedateer 30 Junie 20.2)
 - Nr. 828 ten gunste van die munisipaliteit vir tariewe en belasting (gedateer 31 Julie 20.2).
- 15 Die bankstaat toon 'n saldo van . . .

Bankrekonsiliasie

Instruksies

1.1 Bereken die korrekte totale vir die kontantjoernale:

Kontantontvangstejoernaal		Kontantbetalingsjoernaal	
Voorlopige totaal	25 670	Voorlopige totaal	19 800

1.2 Stel die Bankrekening vir Junie 20.2 op.

Dt.	BANK				Kt.

1.3 Stel die Bankrekonsiliasiestaat op 30 Junie 20.2 op.

BANKREKONSILIASIESTAAT soos op 30 Junie 20.2		
	Debiet	Krediet

Bankrekonsiliasie

OEFENING 2

Die inligting het betrekking op Berg Handelaars.

Instruksies

- 2.1 Teken enige bykomende inskrywings direk in die Bankrekening van die onderneming aan.
- 2.2 Stel die Bankrekonsiliasiestaat op 30 Junie 20.2 op.

Inligting

- 1 Die Kontantontvangste- en Kontantbetalingsjoernale toon hierdie voorlopige totale op 29 Junie 20.2:
 - Kontantontvangstejoernaal: Bank, R29 535
 - Kontantbetalingsjoernaal: Bank, R20 760.
- 2 Transaksies vir 30 Junie 20.2 wat nog nie aangeteken is nie:
 - Inligting volgens kasregisterrol: kontantverkope R6 600. (Winsmarge 100% op koste).
 - Kwitansie 120 uitgereik aan Jacques Café vir R380 ter vereffening van rekening van R400.
 - Betaal Lida Groothandelaars R780 per tjek 837 en ontvang R50 korting.
 - Onttrek 'n kontanttjek vir kaskontant, R500, vir die kasregister.
 - Reik 'n tjek uit aan die kleinkashouer om die kleinkasvoorskot aan te vul. Die totale kleinkasbetalings het R250 bedra. Geen geld is gedurende die maand ontvang nie.
 - 'n Uittreksel uit die Salarisjoernaal van Myburgh Handelaars vir Junie 20.2:

Aftrekkings van werknemers		
SA Pensioenfonds	SA Medhelp	LBS
R700	R800	R2 200

Werkgewer se bydraes		
SA Pensioenfonds	SA Medhelp	
R700	R800	

Agtereenvolgende tjeks is uitgereik ter betaling van die aftrekkings en die werkgewer se bydraes tot die verskillende fondse en instansies. (Tjeks vir netto salarisse is uitgereik op 25 Junie 20.2 en almal verskyn op die bankstaat.)

Bankrekonsiliasie

- 3 Inligting van die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Mei 20.2 toon die volgende:
- Gunstige banksaldo R3 450
 - Uitstaande deposito's: 1 200
1 500
 - Uitstaande tjeks: Nr. 8011 400
Nr. 811 2 700
Nr. 812 3 100
 - Saldo volgens bankrekening ?
- 4 'n Vergelyking van die bankstaat van Junie 20.2 met die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Mei 20.2 toon die volgende:
- Die deposito's van R1 200 en R1 500 is deur die bank gekrediteer op 1 Junie 20.2.
 - Tjek 801 is deur die bank aangebied vir betaling.
- 5 'n Vergelyking van die bankstaat met die kontantjoernale toon die volgende:
- Die huurder, Andile Kumalo, het die huurgeld direk in die bankrekening gedeponeer, R800.
 - Tjek 806, R240, uitgereik aan 'n krediteur, Suzanne Stores, stem nie ooreen met die inskrywing in die Kontantjoernaal nie. Die tjek is verkeerdelik as R204 in die Kontantjoernaal ingeskryf. Dit verskyn as R240 op die bankstaat.
 - 'n Debietorder van R150 ten gunste van OutInsure vir die maandelikse brandversekeringspremie is op 30 Junie 20.2 betaal.
 - Hierdie items verskyn op die bankstaat maar nie in die kontantjoernale nie:
 - Heffing op kredietkaartverkope, R49
 - Diensgelde, R 110
 - Regeringsheffing op tjeks, R20.
 - Geweierde tjeks:
 - René Brand, R3 600, as gevolg van onvoldoende fondse.
 - Daar is ontdek dat tjek 811 vir R2 700 verlore geraak het. Dit is uitgereik aan Pete Stores vir goedere wat gedurende Mei 20.2 aangekoop is. Daar is besluit om die tjek te kanselleer en 'n nuwe tjek uit te reik. Die nuwe tjek is uitgereik op 30 Junie 20.2. Geen inskrywings is vir hierdie transaksie gemaak nie.
 - 'n Deposito wat deur die onderneming op 30 Junie 20.2 gemaak is, verskyn op die bankstaat: R?
 - Geeneen van die tjeks, uitgereik op 30 Junie 20.2, is vir betaling aangebied nie.
 - Die bankstaat toon 'n gunstige saldo van R10 360 op 30 Junie 20.2.

Bankrekonsiliasie

Dt.					BANK					Kt.				

BANKREKONSILIASIESTAAT soos op 30 Junie 20.2		
	Debiet	Krediet

OEFENING 3

Ontleed die gegewe transaksies vir Junie 20.2 van Mbedzi Handelaars onder die opskrifte op die antwoordblad.

Transaksies

- 1 'n Deposito van R9 800 verskyn in die Kontantontvangstejoernaal op 28 Junie 20.2 maar nie op die bankstaat vir Junie 20.2 nie.
- 2 'n Huurder het die huurgeld vir een maand, R3 200, direk in die bankrekening gedeponeer. Die bedrag verskyn op die Bankstaat maar nie in die kontantjoernale nie.
- 3 Die volgende bedrae is op die bankstaat gedebiteer:
 - Aftrekorder vir eienaar se persoonlike versekeringspremie, R 1 100
 - Debietorder vir die onderneming se selfoonrekening, R685
 - Bankkoste, R245.
- 4 Die bankstaat toon 'n geweierde tjek van R900. Die tjek is ontvang van debiteur F. Mudau ter vereffening van 'n rekening van R950. Die tjek is geweier weens onvoldoende fondse.
- 5 Tjek 655, gedateer 13 November 20.1, moet gekanselleer word. Hierdie tjek is oorspronklik vir R7 680 aan Dakalo Mulaudzi uitgereik vir handelsware wat aangekoop is. Hy het die tjek verloor. Vervang die tjek deur tjek 675 op 30 Junie 20.2.
- 6 Mbedzi Handelaars ontvang 'n tjek vir R764 van 'n debiteur. Die tjek is gedateer vir 3 Julie 20.2. Die boekhouer het dit nie aangeteken nie.
- 7 Tjek 673 vir R2 450, uitgereik aan Manley Motors, is gedateer vir 10 Julie 20.2. Dit verskyn in die Kontantbetalingsjoernaal maar nie op die bankstaat nie.

Bankrekonsiliasie

VOORBEELDE

- 1 Die bankstaat toon 'n debiet vir die versekeringspremie van die onderneming.
- 2 Tjek 354 is nie aangebied vir betaling nie, R5 600.
- 3 Die uitstaande deposito op die vorige Bankrekonsiliasiestaat verskyn op die bankstaat van hierdie maand.

Nr.	Besonderhede in hulpjoernaal		Bedrag	Bankrekening		Bankrekonsiliasie staat		Geen inskrywing
	Hulpjoernaal	Naam van rekening in Algemene Grootboek		Debiet	Krediet	Debiet	Krediet	
Vb.1	KBJ	Versekering			✓			
Vb. 2						✓		
Vb.3								✓
Vb.4								
Vb.5								
Vb.6								
Vb.7								
Vb.8								
Vb.9								
Vb.10								
Vb.11								
Vb.12								
Vb.13								
Vb.14								
Vb.15								

Vaste/tasbare bates

Wat is 'n bate?

Bates is hulpbronne wat deur die onderneming besit en beheer word. Daar word verwag dat dit in die toekoms ekonomiese voordele sal oplewer.

Bates		
Niebedryfsbates		Bedryfsbates
Dit is langdurige hulpbronne (besittings van die onderneming) soos eiendom, geboue, voertuie en toerusting:		Dit is bates wat bestaan uit kontant of wat oor die kort termyn (minder as 'n jaar) in kontant omskep kan word:
Vaste/tasbare bates	Finansiële bates	
<ul style="list-style-type: none"> • Grond en geboue • Voertuie • Toerusting 	<ul style="list-style-type: none"> • Vaste bates • Beleggings • Aandele in maatskappye 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorraad • Handels- en ander rekeninge ontvangbaar/Debiteure • Kontant en kontantekwivalente

Vaste bates

Die onderneming gebruik vaste bates om inkomste te verdien. Sommige vaste bates het 'n beperkte nuttige lewensduur. Dit kan vir 'n sekere aantal jare gebruik word, waarna dit vervang moet word. Die koste van die vaste bate word deur middel van waardevermindering versprei oor sy nuttige lewensduur.

Begrippe

Kosprys

Die kosprys van 'n bate is die oorspronklike prys wat vir die bate betaal is. Dit sluit enige kostes in wat aangegaan is om die bate te verkry, soos vervoerkoste, registrasiekoste of installasiekoste.

Waardevermindering

Dit is die toewysing van die waarde van die bate oor sy nuttige lewensduur.

- Dit is 'n aanduiding van hoeveel van die waarde van die bate 'gebruik' word om inkomste in 'n spesifieke tydperk te verdien.
- Dit dui aan watter deel van die koste van die bate gebruik kan word as 'n belastingaftrekbare uitgawe.

Vaste bates

- Twee metodes om waardevermindering af te skryf:
 - Vaste persentasie op kosprys of reguitlynmetode (ook genoem die vastebedragmetode)
 - Verminderdesaldometode of persentasie op drawaarde.

Opgehoopte waardevermindering

Dit is die totale waardevermindering wat op 'n spesifieke bate afgeskryf word tot op 'n spesifieke datum, of die totale waarde wat gebruik is.

Drawaarde

- Die oorblywende waarde van 'n bate
- Die deel van die koste van 'n bate wat nog nie as 'n uitgawe afgeskryf is nie
- Kosprys minus Opgehoopte waardevermindering
- Die minimum drawaarde wat in die rekords gebruik word, is R1.

Bateregister

'n Bateregister bevat al die besonderhede van elke bate en help die onderneming om die spoor te volg elke vaste bate se korrekte waarde. Dit is belangrik vir die beheer oor bates en besluite oor die ekonomiese waarde van bates.

Voorbeeld 1: Finansiële jaar geëindig 28 Februarie

Voertuig op 1 Maart 20.1 aangekoop vir kontant teen R200 000.

Waardevermindering teen 20% per jaar op kosprys		Waardevermindering teen 20% per jaar op verminderde saldo	
Waardevermindering op 28 Februarie 20.2: $20\% \times 200\,000 \times 1 = 40\,000$		Waardevermindering op 28 Februarie 20.2: $20\% \times 200\,000 \times 1 = 40\,000$	
Waardevermindering op 28 Februarie 20.3: $20\% \times 200\,000 \times 1 = 40\,000$		Waardevermindering op 28 Februarie 20.3: $20\% \times (200\,000 - 40\,000) \times 1 = 32\,000$	
Waardevermindering op 28 Februarie 20.4: $20\% \times 200\,000 \times 1 = 40\,000$		Waardevermindering op 28 Februarie 20.4: $20\% \times (200\,000 - 40\,000 - 32\,000) \times 1 = 25\,600$	
Waarde van voertuie verskyn in die Balansstaat op 28 Februarie 20.4 soos volg:			
Kosprys	R200 000	Kosprys	R200 000
Opgehoopte waardevermindering	<u>(120 000)</u>	Opgehoopte waardevermindering	<u>(97 600)</u>
Drawaarde	<u>80 000</u>	Drawaarde	<u>102 400</u>

Vaste bates

Verkoop van 'n vaste bate

- Indien 'n bate nie enige verdere ekonomiese voordeel vir die onderneming inhou nie, is dit beter om dit te verkoop om enige onnodige koste te voorkom.
- Enige bate kan verkoop, deur die die eienaar onttrek, op 'n ander bate ingeruil of as 'n skenking weggegee word.
- Die volgende inligting oor die spesifieke bates is nodig:
 - Die **kosprys** van die bate (uit die rekords)
 - Die **opgehoopte waardevermindering** van 'n bate tot op datum van verkoop (uit die rekords)
 - Die **bedrag** waarvoor die bate verkoop, ingeruil of onttrek is (hou rekord hiervan)
 - Enige **wins of verlies** wat gemaak is met die transaksie (hou 'n rekord).

Voorbeeld 2: Finansiële jaar geëindig 30 Junie

Koop 'n rekenaar op 1 Julie 20.2.

	Verkoop op 1 Julie 20.3 vir R7 000	Verkoop op 1 Januarie 20.4 vir R7 000	Verkoop op 30 Junie 20.4 vir R7 000
Kosprys	8 000	8 000	8 000
Opgehoopte waardevermindering	2 000 (25% x 8 000)	3 000 [2 000 + (25% x 8 000 x 6/12)]	4 000 [2 000 + (25% x 8 000)]
Drawaarde	6 000 (8 000 – 2 000)	5 000 (8 000 – 3 000)	4 000 (8 000 – 4 000)
Verkoop vir	7 000	7 000	7 000
Wins op verkoop van bate	1 000 (7 000 – 6 000)	2 000 (7 000 – 5 000)	3 000 (7 000 – 4 000)

Vaste bates

Voorbeeld 3: Finansiële jaar geëindig 30 Junie

Koop 'n rekenaar op 1 Junie 20.3. Waardevermindering word afgeskryf teen 25% per jaar. Verkoop die rekenaar op 30 Junie 20.5 vir R7 000. Toon die uitwerking van die transaksies op die rekeningkundige vergelyking.

Transaksie	Bates	Eienaarsbelang	Laste
Verkoop vir kontant	+ 7 000 - 4 000	+ 3 000	
Verkoop op krediet	+ 7 000 - 4 000	+ 3 000	
Ingeruil	- 4 000	+ 3 000	- 7 000
Ottrek deur eenaar	- 4 000	+ 3 000 - 7 000	
Geskenk deur die onderneming	- 4 000	+ 3 000 - 7 000	

Voorbeeld 4: Finansiële jaar geëindig 30 Junie

Koop 'n rekenaar op 1 Julie 20.5 vir R8 000. Waardevermindering word afgeskryf teen 25% per jaar op kosprys. Verkoop die rekenaar vir R7 000 kontant op 1 Januarie 20.7. Toon die uitwerking van die rekeningkundige vergelyking.

	Hulpjoernaal	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer	Bedrag
Oordrag van kosprys	Algemene Joernaal	Bateverkope	Toerusting	8 000
Pro rata waardevermindering afgeskryf	Algemene Joernaal	Waardevermindering	Opgehoopte waardevermindering op toerusting	1 000 (25% x 8 000 x $\frac{6}{12}$)
Oordrag van opgehoopte waardevermindering	Algemene Joernaal	Opgehoopte waardevermindering op toerusting	Bateverkope	3 000 [(25% x 8 000) + (25% x 8 000 x $\frac{6}{12}$)]
Inskrywing vir verkope	Kontantontvangstejoernaal	Bank	Bateverkope	7 000

Vaste bates

Inskrywing vir wins of verlies	Algemene Joernaal	Bateverkope	Wins op bateverkope	2 000 [7 000 – (8 000 – 3 000)]
Inskrywing vir kontantverkope	Kontantontvangstejoernaal	Bank	Bateverkope	
Inskrywing vir kredietverkope	Algemene Joernaal	Debiteurekontrole	Bateverkope	
Inskrywing vir inruiling	Algemene Joernaal	Krediteurekontrole	Bateverkope	
Inskrywing vir onttrekkings deur eienaar	Algemene Joernaal	Onttrekkings	Bateverkope	
Inskrywing vir 'n skenking	Algemene Joernaal	Skenkings	Bateverkope	

OEFENING 1: Finansiële jaar geëindig 30 Junie

'n Rekenaar is op 1 Julie 20.6 aangekoop vir R8 000. Waardevermindering word afgeskryf teen 25% per jaar op kosprys. Die rekenaar is op 1 Januarie 20.8 vir R7 000 ingeruil op 'n nuwe rekenaar van R9 000. Stel die aantekening vir Vaste bate by die Balansstaat op 30 Junie 20.8 op.

	Voertuie	Berekenings
Kosprys		
Opgehoopte waardevermindering		
Drawaarde van voertuie aan einde van vorige jaar		
Bewegings:		
Toevoegings teen kosprys		
Bateverkope teen drawaarde		
Waardevermindering vir die jaar		
Drawaarde aan einde van huidige jaar		
Kosprys		
Opgehoopte waardevermindering		

Vaste bates

OEFENING 2

Gebruik die inligting om die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van Shabangu Handelaars te voltooi:

- Voertuie
- Opgehoopte waardevermindering op voertuie
- Opgehoopte waardevermindering op toerusting
- Bateverkope
- Waardevermindering.

Inligting

- 1 Die finansiële jaar van die onderneming eindig jaarliks op 28 Februarie.
- 2 Voertuie word gedepresieer teen 15% per jaar op drawaarde (verminderde saldo).
- 3 Toerusting word gedepresieer teen 20% per jaar op koste.
- 4 'n Nuwe voertuig is op 30 November 20.8 aangekoop teen R120 000. Nuwe toerusting is gedurende die jaar aangekoop.
- 5 'n Ou voertuig is op 1 Februarie 20.9 verkoop vir R22 000. Die oorspronklike koste van die voertuig was R70 000 en die opgehoopte waardevermindering wat op 1 Maart 20.8 afgeskryf is, het R46 000 bedra. Geen toerusting is gedurende die finansiële jaar verkoop nie.

Aantekening vir vaste bates by finansiële state op 28 Februarie 20.9		
	Voertuie	Toerusting
Kosprys op 1 Maart 20.8	350 000	90 000
Opgehoopte waardevermindering	(150 000)	?
Drawaarde op 1 Maart 20.8	200 000	46 000
Bewegings:		
Byvoegings	120 000	?
Bateverkope	?	0
Waardevermindering	?	(22 000)
Drawaarde op 28 Februarie 20.9	?	?
Kosprys op 28 Februarie 20.9	?	130 000
Opgehoopte waardevermindering	(134 900)	?

Vaste bates

Algemene Grootboek van Shabangu Handelaars

VOERTUIE

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP TOERUSTING

BATEVERKOPE

WAARDEVERMINDERING

Vaste bates

OEFENING 3

Die inligting is afkomstig uit die boeke van Thabo Mpy.

Instruksies

- 3.1 Voltooi die Vastebateregister.
- 3.2 Stel die Bateverkooprekening op.
- 3.3 Gebruik die toepaslike inligting om die aantekening vir Eiendom en Toerusting (Vaste bates) te voltooi.

Inligting

1

Na-aansuiweringsproefbalans	28 Februarie 20.8		28 Februarie 20.9	
	Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
Grond en geboue	?		920 000	
Voertuie	?		620 000	
Toerusting	280 000		?	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		147 000		?
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		136 640		?

Bateregister van Thabo Co			
TOERUSTING			
Number: <i>SIM078/RT</i>			
Datum aangekoop: <i>1 Maart 20.5</i>			
Kosprys: <i>R80 000</i>			
Waardeverminderingmetode: <i>20% per jaar op drawaarde</i>			
Datum	Waardevermindering vir die jaar	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
28 Februarie 20.6	16 000	16 000	64 000
28 Februarie 20.7	12 800	28 800	51 200
28 Februarie 20.8	?	?	?
1 Desember 20.8	?	?	?
Aantekening:	Ingeruil teen R33 000 by Afrika Ondernemings Wins/Verlies:		

Vaste bates

- 3 Bykomende inligting:
- Herstelwerk en verbeteringe aan die winkel gedurende die jaar het R440 000 beloop.
 - 'n Nuwe voertuig is op 1 November 20.8 op krediet aangekoop van Orapi Motors, R360 000.
 - Voorsiening vir waardevermindering op voertuie word gemaak teen 25% per jaar op kosprys.
 - Toerusting is op 1 Desember 20.8 by Afrika Ondernemings ingeruil vir nuwe toerusting met 'n kosprys van R70 000 (sien Bateregister).
 - Nuwe toerusting is op 1 Februarie 20.9 op krediet aangekoop van Mudau Equipt vir R86 000.
 - 'n Rekening vir R4 000 vir die installering van die nuwe toerusting is van Mbedzi en Seun ontvang en op dieselfde dag betaal.
 - Voorsiening vir waardevermindering op toerusting word gemaak teen 20% per jaar op drawaarde.

Werkblaai

Bateregister van Thabo Mpy			
TOERUSTING			
Nommer: <i>SIM078/RT</i>			
Datum aangekoop: <i>1 Maart 20.5</i>			
Kosprys: <i>R80 000</i>			
Waardeverminderingmetode: <i>20% per jaar op drawaarde</i>			
Datum	Waardevermindering vir die jaar	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
28 Februarie 20.6	16 000	16 000	64 000
28 Februarie 20.7	12 800	28 800	51 200
28 Februarie 20.8			
1 Desember 20.8			
Aantekening:	Ingeruil teen R33 000 by Afrika Ondernemings Wins/Verlies:		

Vaste bates

Algemene Grootboek van Thabo Mpy

BATEVERKOPE

3. Vaste/Tasbare bates

Grond en geboue

Voertuie

Toerusting

Totaal

Koste

Opgehoopte

waardevermindering

Drawaarde aan begin van jaar

Bewegings

Koste	□	□	□	□
Opgehoopte waardevermindering	□	□	□	□
Drawaarde aan begin van jaar				
<u>Bewegings</u>				
	□	□	□	□

Vennootskappe

Die hoofdoel van 'n onderneming is om 'n wins te maak. Eienaars of bestuurders het inligting nodig om te kan sien of die onderneming se werksaamhede vir 'n spesifieke tydperk 'n wins of 'n verlies opgelewer het. Rekeningkunde bied 'n sistematiese sortering van die transaksies van 'n onderneming om die eienaars in staat te stel om die opbrengs op hul belegging te sien. Aan die einde van die rekeningkundige tydperk kan die inligting in die Proefbalans (ná sekere **aansuiwerings**) gebruik word om die **finansiële state** op te stel. Die finansiële state voorsien die resultate van die onderneming se werksaamhede: wins of verlies (Inkomstestaat) asook die finansiële posisie van die onderneming (Balansstaat).

Eienaarsbelang is die bedrag wat die onderneming aan die eenaar skuld, of die eenaar se aandeel in die onderneming. Soos genoem, is die hoofdoel van 'n onderneming om wins te maak. Die eenaar is geregtig op die wins, aangesien die eenaar gewoonlik die grootste deel van die fondse voorsien en dus 'n opbrengs op die belegging behoort te kry. Die eenaar dra ook die risiko. Die wins word in twee dele bereken:

$$\begin{aligned} \text{Bruto wins} &= (\text{Verkope} - \text{Debiteurekortings}) - \text{Koste van verkope} \\ \text{Netto wins} &= \text{Bruto wins} + \text{Inkomste} - \text{Uitgawes} \end{aligned}$$

Aansuiwerings

Finansiële state behoort alles te toon wat in 'n spesifieke rekeningkundige tydperk in 'n onderneming gebeur het. Al die inligting moet akkuraat en in ooreenstemming met die Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk wees.

Aansuiwerings bied 'n rekord van inkomste en uitgawes vir 'n spesifieke tydperk. 'n Transaksie kan in een rekeningkundige tydperk begin en afgesluit word in die volgende rekeningkundige tydperk. Aansuiwerings kan ook 'n regstelling behels, of 'n verandering in 'n rekeningsaldo as gevolg van een of ander gebeurtenis. Die onderneming gebruik aansuiwerings om te verseker dat hulle die waarde van alle bates, laste en die eienaarsbelang korrek aanteken.

OEFENING 1: Uitwerking van aansuiwerings op die rekeningkundige vergelyking en die Algemene Grootboek

Ntuli Handelaar (eenaar Themba Ntuli) se finansiële tydperk eindig op die laaste dag van Februarie elke jaar. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

Vennootskappe

Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 20.8		
	Debiet	Krediet
Balansstaatrekeninge-afdeling		
Kapitaal		993 884
Onttrekkings	16 592	
Grond en geboue	516 000	
Voertuie	415 200	
Toerusting	117 280	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		103 200
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		35 184
Handelsvoorraad	134 180	
Debiteurekontrole	64 970	
Voorsiening vir oninbare skulde		3 800
Bank		10 317
Kaskontant	400	
Krediteurekontrole		57 852
Vaste deposito: BankAfrika	114 600	
Lening: BankAsia		40 000
Nominalerekeninge-afdeling		
Verkope		907 524
Koste van verkope	605 016	
Debiteurekortings	16 876	
Huurinkomste		56 232
Salarisse	95 040	
Tariewe	3 888	
Pensioenfondsbydraes	7 128	
Herstelwerk	23 508	
Skryfbehoeftes	2 080	
Rente op lening	3 250	
Versekering	7 080	
Bankkoste	1 272	
Rente op oortrekking	1 428	
Oninbare skulde	2 976	
Water en elektrisiteit	3 860	
Korting toegestaan	2 030	
Korting ontvang		2 893
	2 154 654	2 154 654

Vennootskappe

Aansuiwerings

- 1 Die effek van aansuiwering in voorraad op die rekeningkundige vergelyking:
 - 1.1 Handelsware deur eienaar onttrek maar nie aangeteken nie, R3 000
 - 1.2 Fakture vir handelsware van krediteure ontvang maar nie aangeteken nie, R4 500
 - 1.3 Handelsvoorraad voorhande volgens fisiese voorraadopname, R136 700
 - 1.4 Skryfbehoeftes voorhande volgens fisiese voorraadopname, R600

Nr.	Bates	Eenaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
1.1					
1.2					
1.3					
1.4					

- 2 Die effek van aansuiwering in debiteure op rekeningkundige vergelyking:
 - 2.1 Ontvang R250 van debiteur Tsepiso Seane. Die rekening is in Maart 20.7 afgeskryf. Geen inskrywing is gemaak nie.
 - 2.2 Debiteur Tinyiko Kubayi is insolvent verklaar. Hy skuld die onderneming R370. 'n Dividend van 80c in die rand is ontvang. Die oorblywende skuld moet afgeskryf word. Geen inskrywing is gemaak van enige hiervan nie.
 - 2.3 Suiwer voorsiening vir oninbare skulde aan na 5% van die uitstaande debiteure.

Nr.	Bates	Eenaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
2.1					
2.2					
2.3					

Vennootskappe

3 Die effek van aansuiwering in salarisse op rekeningkundige vergelyking:

3.1 Die volgende besonderhede van 'n werknemer is weggelaat uit die Salarisjoernaal vir Februarie 20.8:

Maandelikse salaris	7 000
Aftrakkings: LBS	1 260
Pensioenfonds	560
Netto salaris	5 180

Die onderneming dra 8% van bruto salarisse by tot die pensioenfonds.

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
3.1					

4 Die effek van aansuiwering in bank op rekeningkundige vergelyking:

4.1 Die volgende inligting verskyn op die bankstaat ontvang op 28 Februarie 20.8 maar nie op die Bankrekening van die onderneming nie:

- Kontantheringgelde, R148
- Diensgelde, R184
- Rente op oortrekking, R256.

4.2 Die bankstaat toon 'n aftrekorder vir die maandelikse versekeringspremie van die onderneming vir Februarie, R300. Dit is nie in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken nie.

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
4.1					
4.2					

Vennootskappe

- 5 Die effek van aansuiwering in uitgawes op rekeningkundige vergelyking:
- 5.1 Tariewe is betaal vir die tydperk 1 Julie 20.7 tot 30 Junie 20.8.
 - 5.2 Die water-en-elektrisiteit-rekening vir Februarie 20.8 is ontvang maar nog nie betaal nie, R340.
 - 5.3 Geraamde bedrag van ongebruikte verpakkingsmateriale (geen voorraadopname gedoen nie), R650.
 - 5.4 Versekering sluit 'n premie in van R2 880 wat betaal is vir die tydperk 1 Mei 20.7 tot 30 April 20.8.
 - 5.5 Rente op lening word bereken teen 10% per jaar. Die volgende leningsrekening verskyn in die rekords:

LENING: BANKASIA

20.7					20.7				
Aug.	31	Bank		25 000	Mrt.	1	Saldo		65 000

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
5.1					
5.2					
5.3					
5.4					
5.5					

- 6 Die effek van aansuiwering in inkomste op rekeningkundige vergelyking:
- 6.1 Die huurgeld vermeerder met 10% op 1 Februarie elke jaar. Die huurgeld is ontvang tot 31 Maart 20.8.
 - 6.2 Die vaste deposito is op 1 Januarie 20.8 belê teen 5% per jaar.

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
6.1					
6.2					

Vennootskappe

Finansiële state: vennootskappe

Die basiese beginsels van rekeningkunde, die rekeningkundige kringloop en die rekeningkundige vergelyking, is op alle ondernemings van toepassing. Dit maak nie saak of dit 'n eenpersoonsaak, vennootskap of maatskappy is nie. Eienaars is steeds geregtig op die wins en eienaarsbelang is steeds die bedrag wat deur die onderneming aan die eienaar/eienaars geskuld word, of die eienaar se aandeel in die onderneming. Die vernaamste verskille is die verdeling van die wins en die struktuur van die eienaarsbelang.

Winsberekening en -verdeling

Die finale rekeninge, **Handelsrekening en Wins-en-verlies-rekening**, word opgestel om die netto wins te bereken. In 'n eenpersoonsaak word die netto wins oorgedra na die Kapitaalrekening. In 'n vennootskap word die finale rekeninge opgestel, maar die netto wins word oorgedra na 'n **Aanwendingsrekening**. Aanwending het betrekking op winsdeling. In die Aanwendingsrekening word die netto wins verdeel volgens die vennootskapsooreenkoms. Die ooreenkoms sluit besonderhede in oor:

- Rente op kapitaal van elke vennoot
- Salarisse van vennote
- Bonusse aan vennote
- Aandeel van oorblywende wins.

Elke vennoot se winsaandeel word oorgedra na die Lopende rekening van die vennoot.

Verdienste van vennoot = rente op kapitaal + Salaris van vennoot + Bonus aan vennoot + deel van oorblywende wins

$$\begin{aligned} \text{Eienaarsbelang} &= \text{Kapitaal van vennoot} + \text{Saldo van lopende rekening} \\ &= \text{Kapitaal van vennoot} + (\text{Vorige saldo} + \text{Verdienste} - \text{Onttrekkings}) \end{aligned}$$

OEFENING 2

Die volgende inligting het betrekking op NM Winkels (vennote Mphendulo Ntuli en Themba Mathe.)

Instruksies

- 1.1 Stel die Aanwendingsrekening op.
- 1.2 Stel die volgende rekeninge op:
 - Kapitaalrekening van vennote
 - Lopende rekening van vennote

Vennootskappe

Uittreksel: Proefbalans van NM Winkels op 28 Februarie 20.8

Kapitaal: Ntuli	550 000
Kapitaal: Mathe	430 000
Lopende rekening: Ntuli (1 Maart 20.7) (Krediet)	16 000
Lopende rekening: Madie (1 Maart 2007) (Debiet)	1 200
Onttrekkings: Ntuli	90 000
Onttrekkings: Mathe	150 000

Inligting

- 1 Ntuli het op 1 September 20.7 'n voertuig ter waarde van R100 000 as kapitaal bygedra, maar geen inskrywing is gemaak nie.
- 2 Madie onttrek R20 000 van sy kapitaal op 28 Februarie 2008. Dit is behoorlik aangeteken.
- 3 Vennoot Madie onttrek elke maand handelsvoorraad met 'n kosprys van R1 500. Geen inskrywing is gemaak vir die voorraad wat hy oor die laaste 12 maande geneem het nie.
- 4 Die netto wins vir die jaar beloop R302 000 nadat alle aansuiwerings in rekening gebring is.
- 5 Die vennootskapsooreenkoms stipuleer dat Ntuli geregtig is op 'n salaris van R6 000 per maand, terwyl Madie geregtig is op 'n salaris van R7 000 per maand. Die vennote het ooreengekom op 'n salarisverhoging van 10% op 1 September 20.7. Die vennote onttrek hul salarisse elke maand per tjek en dit word aangeteken op die Onttrekkingsrekening van elke vennoot.
- 6 Die vennote is geregtig op 15% rente per jaar op hul kapitaalrekeninge.
- 7 Die oorblywende wins of verlies behoort soos volg verdeel te word:
 - Ntuli, 75%
 - Mathe, 25%

Vennootskappe

Werkblaai

Algemene Grootboek van NM Winkels

BALANSSTAATREKENING-AFDELING

AANWENDINGSREKENING

KAPITAALREKENING: Ntuli

KAPITAALREKENING: Mathe

LOPENDE REKENING: Ntuli

LOPENDE REKENING: Mathe

Vennootskappe

OEFENING 3

Daar word inligting aan jou gegee oor MS Spaza, 'n vennootskap tussen Mokgadi Mamabolo en Makoma Seabela. Die Proefbalans is nie voltooi nie.

Instruksies

- 2.1 Stel die **Inkomstestaat** op vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.4. (52)
- 2.2 Stel die volgende **aantekening** by die Finansiële state op:
- Voorraad (4)
 - Handels- en ander rekeninge ontvangbaar (10)
 - Handels- en ander rekeninge betaalbaar. (10)
- 2.3 Toon die volgende bedrae (toon alle berekenings):
- Bedrag vir lening vir gebruik in niebedryfslaste (2)
 - Bedrag vir lening vir gebruik in bedryfslaste. (2)

PROEFBALANS van: BB Spaza op 28 Februarie 20.4		
<i>Balansstaatrekeninge-afdeling</i>	Debiet	Krediet
Kapitaal: Mamabolo		130 000
Kapitaal: Seabela		100 000
Lopende rekening: Mamabolo	15 000	
Lopende rekening: Seabela		5 000
Onttrekkings: Mamabolo	15 000	
Onttrekkings: Seabela	20 500	
Lening: National Bank		60 000
Bankoortrekking		30 710
Vaste deposito: AmaBanka (11,5% p.j.)	18 000	
Vaste deposito: Need-a-bank (10% p.j.)	15 000	
Kaskontant	900	
Grond en geboue	131 000	
Handelsvoorraad	92 500	
Debiteurekontrole	73 500	
Krediteurekontrole		45 000
Pensioenfonds		620
SAID (LBS)		460
Voorsiening vir oninbare skulde		3 300
Toerusting	100 000	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		35 000
Krediteure vir salarisse		6 100

Vennootskappe

<i>Nominalerekening-afdeling</i>		
Verkope		952 000
Koste van verkope	680 000	
Debiteurekortings	9 230	
Pensioenfondsbydraes	5 300	
Bankkoste	3 700	
Skryfbehoeftes	6 500	
Salarisse en lone	164 500	
Huurinkomste		17 040
Reklame	4 500	
Oninbare skulde	1 600	
Diverse uitgawes	26 200	
Rente op vaste deposito (Need-a-bank)		375
Rente op verband	8 000	
Kommissie-inkomste		5 325
	1 390 930	1 390 930

Aansuiwerings en ander inligting

- 1 Mamabolo het handelsware vir eie gebruik geneem. Die prys op die etiket was R1 755. Die winsmarge-persentasie is 50% op kosprys. Geen inskrywing is gemaak nie.
- 2 Debiteur Thabo Modiba het goedere met 'n oorspronklike kosprys van R800 teruggestuur. 'n Kredietnota is uitgereik. Geen inskrywing is gemaak nie.
- 3 Voorraadopname is gedoen op 28 Februarie 20.4 en die volgende is gewaardeer teen kosprys: Handelsvoorraad R90 000 en Skryfbehoeftes R750. Doen die nodige aansuiwerings.
- 4 Nuwe rakke vir leërs is vir R2 000 aangekoop op 1 Desember 20.3 maar verkeerdelik gedebiteer teen Diverse uitgawes. Stel die fout reg.
- 5 Ou kantoortoerusting is op 1 Desember 20.3 op krediet verkoop vir R2 000. Hierdie toerusting het oorspronklik R10 000 gekos en die opgehoopte waardevermindering het op 28 Februarie 20.3 R7 600 beloop. Die boekhouer het nie enige inskrywings vir hierdie transaksie gemaak nie. Die onderneming depresseer toerusting teen 20% per jaar op verminderde saldo. Doen die nodige inskrywings om die bateverkope aan te teken en bring die waardevermindering vir die jaar in rekening.
- 6 Die vaste deposito by AmaBanka is op 1 Januarie 20.4 belê en is uitkeerbaar op 31 Desember 20.4. Geen rente is ontvang nie. Rente moet gekapitaliseer word.
- 7 Volgens die vastedepositostaat ontvang van Need-a-bank, is rente ontvang vir die tydperk 1 Februarie 20.4 tot 30 April 20.4. Die vaste deposito is uitkeerbaar op 30 Junie 20.4. Rente is nie gekapitaliseer nie.

Vennootskappe

- 8 Ingevolge die leningsooreenkoms sal Nation Bank jaarliks R6 000 betaal word op 31 Desember. Die bedrag is betaal op 31 Desember 20.3 en aangeteken in die rekords met die rente van R5 000. Rente op lening is gekapitaliseer. Die leningstaat toon 'n saldo van R59 400 op 28 Februarie 20.4. Maak voorsiening vir enige rente wat aan die einde van die jaar geskuld word.
- 9 Reklame sluit in R3 600 vir vier advertensies in die *Daily News*. Slegs drie van die advertensies het teen 28 Februarie 20.4 in die koerant verskyn.
- 10 Die Salarisjoernaal vir Februarie 20.4 is nie oorgeplaas na die Algemene Grootboek nie. Die bedrag verskuldig aan SAID vir LBS en die bedrag verskuldig aan die pensioenfonds is nog nie gefinaliseer of betaal nie.
- Totale in die Salarisjoernaal:
- Bruto salarisse R18 000
 - LBS aftrekking R3 510
 - Pensioenfondsaftrekking R1 440
- Die onderneming dra op 'n rand-vir-rand-basis tot die pensioenfonds by.
- 11 Die rekening van Rapholo Thabo moet nog afgeskryf word, R800.
- 12 Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word na R3 000.
- 13 Rente op oortrekking vir Februarie 20.4 is nie aangeteken nie, R170.
- 14 Stoorruimte is vanaf 1 Mei 20.3 verhuur teen R1 420 per maand.

Vennootskappe

Werkblaai

Naam van onderneming:		
Inkomstestaat vir jaar geëindig:		
Verkope	Aantekening	
Koste van verkope		
Bruto wins		
Ander bedryfsinkomste		
Bruto bedryfsinkomste		
Bedryfsuitgawes		
Bedryfswins/verlies		
Wins/verlies voor rente-uitgawe/finansieringskoste		
Netto wins/verlies vir die jaar		

Vennootskappe

Aantekeninge by die finansiële state

4. Voorraad

.....

5. Handels- en ander rekeninge ontvangbaar

Netto handelsdebiteure

Handelsdebiteure

Voorsiening vir oninbare skulde

.....

.....

.....

.....

9. Handels- en ander rekeninge betaalbaar

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Bedrag vir lening vir gebruik in niebedryfslaste

Bedrag vir lening vir gebruik in bedryfslaste

Oorsig

Kwartaal 2 Oorsig	Onderwerp 1 Bladsy 45	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële state
	Vennootskappe: Ontleding van finansiële state	
	Onderwerp 2 Bladsy 60	
	Organisasies sonder winsbejag/Klubs	<ul style="list-style-type: none"> • Rekeningkunde vir klubs en OSW's

Vennootskappe: Ontleding van finansiële state

Finansiële state

Finansiële state vertel die storie van die onderneming. Dit bied 'n opsomming van wat gedurende die finansiële tydperk in die onderneming gebeur het. Die finansiële state sê nie vir die eenaar/bestuurders of dit wat gebeur het, goed of beter was as die vorige finansiële tydperk nie.

Die eenaars/bestuurders moet die finansiële state ontleed en die resultate interpreteer. Hulle moet die inligting volgens algemeen aanvaarde berekenings of verhoudings ondersoek en bestudeer. Alle ondernemings gebruik dieselfde formules sodat ondernemings hul resultate kan vergelyk met dié van die vorige finansiële tydperk of met die resultate van ander ondernemings. Interpretasie beteken om uit te vind wat die oorsaak was van veranderinge, verbetering of verswakking in die resultate. Op grond van al die nodige inligting, kan deurdagte besluite geneem word.

Die volgende begrippe is van toepassing op alle vorme van eenaarskap:

- Winsgewendheid
- Likiditeit
- Solvensie
- Risiko en hefboomverhouding
- Opbrengs op belegging deur eenaar.

Die opbrengs op eenaarsbelang (netto wins as 'n persentasie van eenaarsbelang) is 'n aanduiding van hoe die eenaar se belegging inkomste verdien het. Die struktuur van eenaarsbelang kan wissel na gelang van die verskillende vorme van eenaarskap, maar dieselfde basiese formule bly van toepassing.

Winsgewendheid

Dit is die vermoë om inkomste te genereer in vergelyking met uitgawes en ander kostes wat aangegaan is.

Bruto wins op verkope	Toon hoeveel van elke rand oor is nadat basiese koste van produkte afgetrek is
Bruto wins op koste van verkope	Vergelyk met die winsmarge-persentasie. Gee 'n aanduiding van hoe goed die onderneming sy winsmarge-persentasie bereik het
Bedryfsuitgawes op verkope	Toon watter persentasie van elke rand wat ontvang is, gebruik word om uitgawes te betaal
Bedryfswins op verkope	Toon hoeveel geld oorbly nadat uitgawes betaal is
Netto wins op verkope	Toon hoeveel van elke rand oor is vir die eenaars

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

Likiditeit

Dit is die vermoë om korttermynskulde te betaal. Vergelyk bedryfsbates en bedryfslaste. Bedryfsbates is belangrik vir 'n onderneming omdat dit die bates is wat gebruik word om die daaglikse aktiwiteite te befonds en lopende uitgawes te betaal.

Bedryfsverhouding	<p>Bedryfsbates : Bedryfslaste</p> <p>Norm is 2 : 1 (R2 beskikbaar vir elke R1 skuld)</p> <p>Om aan te dui of die onderneming sy korttermyn-skulde (betaalbaar binne een jaar) sal kan dek</p>
Vuurproefverhouding	<p>Bedryfsbates – Voorraad : Bedryfslaste</p> <p>Norm is 1 : 1 (R1 beskikbaar vir elke R1 skuld)</p> <p>Om aan te dui of die onderneming steeds sy korttermyn-skulde sal kan dek selfs al kan die voorraad nie verkoop word nie</p>
Voorraadomsetkoers	<p><u>Koste van verkope</u></p> <p>Gemiddelde voorraad</p> <p>[Gemiddelde voorraad = $\frac{1}{2}$(voorraad aan begin + voorraad aan einde)]</p> <p>Dui aan hoeveel keer die voorraad binne 'n jaar in geld omgesit word. Hoe gouer jy jou voorraad kan verkoop, hoe gouer verdien jy wins.</p>
Voorraadhou tydperk	<p><u>Gemiddelde voorraad x 365 dae</u></p> <p>Koste van verkope</p> <p>Tydperk waarvoor die onderneming voorraad beskikbaar het</p>
Debiteure- invorderingstydperk	<p><u>Gemiddelde debiteure x 365 dae</u></p> <p>Kredietverkope</p> <p>[Gemiddelde debiteure = $\frac{1}{2}$ (debiteure aan begin + debiteure aan einde)]</p> <p>Debiteure het gewoonlik 30 dae om hul skuld te betaal. As hulle langer neem, sal die onderneming dalk nie kan gebruik maak van spesiale aanbieding van verskaffers of hul daaglikse uitgawes kan betaal nie.</p>
Krediteurebetalingstydperk	<p><u>Gemiddelde krediteure x 365 dae</u></p> <p>Krediet aankope</p> <p>[Gemiddelde krediteure = $\frac{1}{2}$ (krediteure aan begin + krediteure aan einde)]</p> <p>Krediteure staan gewoonlik 60 tot 90 dae toe. Die onderneming behoort binne hierdie tydperk te bly om 'n goeie verhouding met verskaffers te handhaaf.</p>

Solvensie

Dit is die vermoë van 'n onderneming om al sy verpligtinge na te kom. As 'n onderneming solvent is, oorskry sy bates sy laste. Wanneer 'n onderneming insolvent is, kan dit nie langer in bedryf bly nie en word bankrot verklaar.

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

Netto bates	Totale bates – Totale laste = Netto bates of Eienaarsbelang.
Solvensieverhouding	Totale bates : Totale laste As hierdie verhouding 1 : 1 is, beteken dit dat die eienaarsbelang 0 is. $A = EB + L \rightarrow R_1 = R_0 + R_1$. 'n lae verhouding soos 1 : 1 dui op probleme.

Risiko en hefboomverhouding

Dit is 'n aanduiding van 'n onderneming se finansiële hefboomkrag. Dit dui aan watter proporsie van ekwiteit (eie kapitaal) en skuld (geleende kapitaal) die maatskappy gebruik om sy bates te finansier.

Skuld–ekwiteit-verhouding (Risiko)	Niebedryfslaste : Eienaarsbelang Norm: enigiets onder 1 : 1. Lae risiko: Hoër ekwiteit, laer skuld Hoë risiko: Hoër skuld, laer ekwiteit
Hefboomverhouding	Vergelyking tussen koste van geleende geld en opbrengs op ekwiteit Positiewe hefboomverhouding: Hoë opbrengs, laer rentekoers-persentasie Negatiewe hefboomverhouding: Hoë rentekoers-persentasie, laer opbrengs

Opbrengs op belegging

Die hoofdoel van 'n onderneming is om 'n wins te maak. Verdien die belegging in die onderneming meer as in enige ander belegging?

Vennoot se verdienste	Rente op kapitaal + Salaris van vennoot + Bonus aan vennoot + Aandeel van oorblywende wins
Vennoot se eienaarsbelang	Kapitaal van vennoot + Lopende rekening van vennoot
Opbrengs op vennoot se ekwiteit	$\frac{\text{Verdiensste} \times 100}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}}$ [Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot = $\frac{1}{2}$ (eienaarsbelang aan begin + eienaarsbelang aan einde)]
Opbrengs op ekwiteit vir onderneming	$\frac{\text{Netto wins vir jaar} \times 100}{\text{Gemiddelde totale ekwiteit}}$

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

OEFENING 1

Gevallestudie

Jacob Morris en Thabo Jabulani is die twee vennote in On-The-Move, 'n onderneming wat dokumente en klein pakkette in die Wes-Kaap aflewer. Hulle het 'n klein skryfbehoeftewinkel om die nodige items vir hul klante te voorsien. Hulle het die vennootskap op 1 Januarie 20.6 aangegaan en op 1 Maart 20.6 begin besigheid doen. Hul doel is om die onderneming uit te brei sodat hulle so gou moontlik landwyd kan aflewer.

Inligting oor die vennote

Jacob Morris

- 55-jarige man
- Getroud, met twee kinders (Mary, 13 en Kevin, 17)
- Het 'n persoonlike lening aangegaan om geld te kry vir belegging in die onderneming
- Vermeerder die kapitaalbydrae op 28 Februarie 20.8. Dit is aangeteken.

Thabo Jabulani

- 42-jarige man
- Enkel
- Erf geld van sy vader en gebruik dit om in die onderneming te belê.

Die volgende inligting verskyn in die finansiële state op 28 Februarie 20.8, die einde van hul tweede finansiële jaar:

	28 Februarie 20.8	28 Februarie 20.7
Kapitaal: Morris	456 340	420 000
Kapitaal: Jabulani	420 000	420 000
Lopende rekening: Morris	(Kt.) 2 760	(Dt.) 46 440
Lopende rekening: Jabulani	(Kt.) 1 000	(Dt.) 55 000
Grond en geboue	694 900	614 000
Voertuie	440 000	440 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	176 000	88 000
Toerusting	139 600	120 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	15 300	18 000
Handelsvoorraad	35 000	14 000
Debiteurekontrole	27 000	45 000
Bank	21 000	–
Krediteurekontrole	18 000	23 000
Bankoortrekking	–	56 000
Verband: NextBank (10% p.j. rente)	268 100	309 440

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

Die volgende inligting verskyn in die Bateregister op 28 Februarie 20.8. Die vennote het ook navorsing gedoen oor die voertuie:

Bateregister: On-The-Move			
	Aflewering swa	Aflewering swa	Bakkie
Registrasienuommer	MOVE ₁ – WP	MOVE ₂ – WP	MOVE ₃ – WP
Datum aangekoop	1 Maart 20.6	1 Maart 20.6	1 Maart 20.6
Koopprijs	R180 000	R180 000	R80 000
Opgehoopte waardevermindering	R72 000	R72 000	R32 000
Waardevermindering vir die jaar	R36 000	R36 000	R16 000
Bedrag van inkomste wat verdien is	R183 000	R126 000	R50 180
Kilometers afgelê in afgelope jaar	39 850 km	20 400 km	13 400 km
Brandstof- en herstelkoste vir die jaar	R70 400	R38 600	R19 490

Die volgende inligting verskyn in die aantekening by die finansiële state vir die lopende rekening van vennote:

	28 Februarie 20.8	28 Februarie 20.7
Rente op kapitaal: Morris	46 200	33 600
Rente op kapitaal: Jabulani	46 200	33 600
Salaris: Morris	158 400	144 000
Salaris: Jabulani	132 000	120 000
Finale verdeling: Morris	3 000	(80 040)
Finale verdeling: Jabulani	3 000	(88 600)
Netto wins vir die jaar	388 800	162 560
Rente op kapitaal van vennote	?	8% p.j.
Onttrekkings: Morris	158 800	144 000
Onttrekkings: Jabulani	125 200	120 000

Finansiële aanwysers op 28 Februarie 20.7

Opbrengs op eienaarsbelang	20,6%
Persentasie opbrengs verdien deur Morris	24,6%
Persentasie opbrengs verdien deur Jabulani	16,7%
Bedryfsverhouding	0,75 : 1
Vuurproefverhouding	0,57 : 1
Solvensieverhouding	2,9 : 1
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,42 : 1

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

Beantwoord die volgende vrae. Motiveer jou antwoorde en toon berekenings waar nodig. Rond jou antwoorde af tot een desimale plek.

Vrae

- 1 Noem een voordeel van 'n vennootskap as 'n vorm van eienaarskap.

--

- 2 Noem een nadeel van 'n vennootskap as 'n vorm van eienaarskap:

--

- 3 Bereken die verdienste van elke vennoot op 28 Februarie 2008:

Morris	Jabulani

- 4 Bereken die persentasie opbrengs deur elke vennoot verdien op 28 Februarie 2008.

Morris	Jabulani

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

- 5 Lewer kortliks kommentaar op elke vennoot se persentasie opbrengs. Gee 'n moontlike rede vir enige verandering.

Morris	Jabulani

- 6 Die vennote het ooreengekom om 8% per jaar rente op kapitaal vir die eerste finansiële jaar te neem, maar om die persentasie in die volgende jaar te verhoog. Wat was die nuwe rentekoers vir die huidige finansiële jaar?

- 7 Die vennote het hul salarisse vir die tweede finansiële jaar verhoog. Bereken die persentasie wat dit verhoog is.

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

- 8 Dink jy die veranderinge in rentekoers en salarisse (sien 6 en 7) is is geregverdig?



Bykomende inligting

Morris se seun, wat nie 'n rybewys het nie, het op 30 November 20.7 die onderneming se bakkie sonder toestemming gebruik om sy skooldans by te woon. Hy het 'n ongeluk gemaak met die bakkie en die versekeringsmaatskappy het geweier om enige bedrag vir hierdie skade uit te betaal. Morris het besluit om die beskadigde bakkie oor te neem teen sy sloopwaarde van R20 000 op 1 Maart 20.8. Hy sal R20 000 in kontant betaal.

- 9 Het die onderneming 'n wins of 'n verlies gemaak in hierdie insident? Toon berekenings om jou antwoord te bewys.



Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

- 10 Sou bogenoemde transaksie enige uitwerking hê op die persentasie opbrengs wat Morris in die volgende jaar verdien? Verduidelik.

- 11 As jy 'n vennoot of die rekenmeester van hierdie onderneming was, watter kommentaar sou jy lewer oor hierdie insident en die hantering daarvan in die boeke? Verduidelik kortliks twee punte.

- 12 Stel twee beheermaatreëls voor vir vaste bates.

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

- 13 Die vennote is onseker of hulle 'n ander bakkie moet koop en of hulle dit moet vervang deur nog 'n afleweringswa. Gee hulle advies.

--

- 14 Wat is die verskil tussen likiditeit en solvensie?

--

- 15 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.8.

Bedryfsverhouding	Vuurproefverhouding

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

- 16 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die onderneming. Verduidelik die verskil.

--

- 17 Die vennote wil hul dienste verbeter en uitbrei. Sal die bank 'n lening vir R400 000 aan hulle toestaan om nog twee voertuie te koop? Bewys jou antwoord deur die relevante berekenings te doen.

--

OEFENING 2

Beantwoord hierdie vrae:

- 2.1 Gee twee redes waarom die netto wins van 'n vennootskap soms nie gelyk verdeel word nie.

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

2.2 Wat beteken 'n debietsaldo op 'n vennoot se lopende rekening?

2.3 'n Vennoot neem handelsvoorraad vir persoonlike gebruik. Word die transaksie aangeteken as verdeling van wins of as onttrekkings?

2.4 Betaal die
vennootskap inkomstebelasting? Gee 'n rede vir jou antwoord.

2.5 'n Vennootskap ly 'n verlies voor die toewysing van salarisse en rente op kapitaal. Word die salarisse en rente op kapitaal steeds in rekening gebring?

2.6 Waarom word die salarisse van vennote nie in die Inkomstestaat aangeteken saam met die salarisse van werknemers nie?

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

Oefening 3

Dina Tuwele en Michael Sanders bedryf albei klein boekwinkels op 'n plattelandse dorp. Hulle besluit dit sal in hul belang wees om hul ondernemings te kombineer en die aparte winkels te sluit.

Op 1 Maart 20.8 gaan hulle 'n vennootskap aan, betaal hul kapitaalbydraes in kontant en open 'n winkel genaamd T&M Boeke. Hul begroting vir die eerste jaar toon 'n potensiele tekort aan bedryfskapitaal. Hulle onderhandel 'n korttermynlening by die bank vir R100 000 teen 'n rentekoers van 12% per jaar. Die lening moet op 1 Maart 20.9 terugbetaal wees.

Hierdie inligting kom uit hul rekeningkundige rekords vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.9:

	Tuwele	Sanders
Kapitaalrekening (01-03-20.8)	450 000	250 000
Kapitaalrekening (28-02-20.9)	450 000	300 000
Lopende rekening (01-03-20.8)	0	0
Lopende rekening (28-02-20.9)	67 750	49 750
Onttrekkings	42 000	36 500

Toewysing van wins op 28-02-20.9	Tuwele	Sanders
Rente op kapitaal	45 000	27 500
Salarisse	36 000	30 000
Aandeel van wins	28 750	28 750
Totale verdienste	109 750	86 250

Instruksies

- 3.1 Bereken die persentasie opbrengs op die gemiddelde belegging wat elke vennoot vir die jaar verdien.

Tuwele	Sanders

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

- 3.2 As jy Dina Tuwele was, sou jy gelukkig wees met die resultate? Lewer kommentaar.

Oefening 4

Gebruik die uittreksel van die finansiële state van Mthembu en Coetzer vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.9 om die volgende vrae te beantwoord. Rond jou antwoorde af tot twee desimale plekke.

Inligting van die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.9:

	20.9-02-28	20.8-02-28
Vaste bates (teen drawaarde)	1 643 248	1 354 860
Bedryfsbates	278 900	440 800
Voorraad (Handelsvoorraad)	215 900	400 300
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar	41 700	21 300
Kontant en kontantekwivalente	21 300	19 200
Kapitaal: Mthembu	740 000	540 000
Kapitaal: Coetzer	320 000	410 000
Lopende rekening: Mthembu	49 808	12 000
Lopende rekening: Coetzer	(21 700)	13 460
Niebedryfslaste	753 140	778 000
Bedryfslaste	80 900	42 200

- 4.1 Bereken die bedryfsverhouding op 28 Februarie 20.9.

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

4.2 Bereken die vuurproefverhouding op 28 Februarie 20.9.

4.3 Finansiële aanwysers vir die vorige jaar was:

- Bedryfsverhouding, 10,4 : 1
- Vuurproefverhouding 0,9 : 1.

Lewer kommentaar oor die likiditeit van die onderneming. Meld moontlike redes vir enige veranderinge in die likiditeit van die onderneming.

4.4 Bereken die Skuld-ekwiteit-verhouding op 28 Februarie 20.9. Sal hierdie verhouding 'n positiewe of negatiewe uitwerking op leningsonderhandelinge hê?

Rekeningkunde vir klubs en OSW's

Organisasies sonder winsbejag funksioneer met die doel om 'n diens te lewer. Die bestuurskomitee van die onderneming is verantwoordelik vir die bestuur van die hulpbronne tot die voordeel van die organisasie of klub. Rekeningkundige begrippe en beginsels is steeds van toepassing op die organisasie of klub.

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

OEFENING 1

Daar word inligting oor die Apex Atletiekkklub aan jou gegee. Die finansiële jaareinde is 31 Desember 20.2.

Gevra

- 1.1 Ledegeld-rekening
- 1.2 Atletiekfrokkies-rekening (hierdie rekening moet alle transaksies vir die jaar toon insluitende die wins/verlies op die verkoop van die frokkies).

Inligting

- 1 Die volgende saldo's verskyn in die Balansstaat op 31 Desember:
- 2 Die volgende items verskyn in die Staat van ontvangste en betalings vir die jaar geëindig 31 Desember 20.3:

ONTVANGSTE		BETALINGS	
Ledegeld	?	Ledegeld terugbetaal	900
20.2	4 200	Atletiekfrokkies gekoop van Vestco	33 600
20.3	?		
20.4	7 200		
Atletiekfrokkies verkoop	35 280		

- 3 Lidmaatskap:
 - Die ledegeld is R600 per jaar.
 - Drie lede het die helfte van hul gelde vir die jaar terugontvang aangesien hulle na ander stede verhuis het.
 - Die lede wat nie hul gelde vir 20.2 betaal het nie, is uit die klub geskors met ingang van 1 Januarie 20.3.
 - Die ledegeld van beide die sekretaris en die tesourier moet teen hul honorariums verreken word.
 - Die lederegister toon die volgende syfers:
 - Aantal lede op 1 Januarie 20.3 300
 - Nuwe lede (hulle het aan die begin van die jaar aangesluit) 20
 - Lede wat in die helfte van die jaar bedank het 3
 - Lede wat geskors is met ingang van 1 Januarie 20.2 4
 - Aantal lede op 31 Desember 20.3. ?

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

- 4 Atletiekfrokkiens. Alle lede is gevra om die klub se atletiekfrokkiens te dra wanneer hulle die klub in wedlope verteenwoordig.
- Die koste van die frokkiens het die afgelope drie jaar R105 gebly. Alle frokkiens is vir kontant van Vestco aangekoop.
 - Die frokkiens is verkoop teen R140 elk.
 - Ten defekte frokkiens is op 31 Desember 20.2 aan Vestco teruggestuur. 'n terugbetaling van R1 050 word van Vestco verwag maar is nog nie ontvang nie.
 - 'n Aantal frokkiens is gesteel tydens 'n inbraak by die klub. Die tesourier is onseker hoeveel gesteel is.
 - Daar was 46 frokkiens voorhande op 31 Desember 20.2.

Algemene Grootboek van Apex Atletiekklub

LEDEGELD					N		

ATLETIEKFROKKIES					N		

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

OEFENING 2

Gebruik die inligting om die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek op te stel:

- Ledegeld-rekening
- Sweetpak-rekening
- Honorarium-rekening

Inligting vir die Na-aansuiweringsproefbalans op 31 Desember 20.2

Voorraad: Sweetpakke @ R120 elk, R3 000

Opgeloe uitgawe (Honorarium), R 2 000

Opgeloe inkomste (Ledegeld), R 750

Inkomste vooruit ontvang (Ledegeld), R1 000

Inligting uit Staat van ontvangste en betalings vir jaar geëindig 31 Desember 20.3

Kontantverkope van sweetpakke (Kosprys plus 40%) R7 560

Ledegeld ontvang:

20.2	250
20.3	75 250
20.4	600
Honorarium: Tesourier (20.2)	1 750
Honorarium: Tesourier (20.3)	1 800
Kontantaankope van sweetpakke (R120 elk)	2 400

Bykomende inligting op 31 Desember 20.3

Kredietverkope van sweetpakke (Kosprys plus 45%)	R6 612
Krediet aankope van sweetpakke (R120 elk)	R7 200
Skenking van 3 sweetpakke aan bestuurspan	R?
Voorraad: 14 sweetpakke @ R120 elk	R?

Die ledegeld wat uitstaande is vir 20.2 moet afgeskryf word en hierdie lede se name moet uit die lederegister verwyder word.

Die tesourier het gevra dat die gedeelte van die bedrag aan hom verskuldig vir 20.2 gebruik moet word om sy ledegeld van 20.3 te betaal. Die versoek is toegestaan.

Die ledegeld van ses lede was steeds uitstaande vir 20.3.

Die bestuurspan was nie tevrede met die beheer oor die voorraad sweetpakke nie – hulle vermoed dat sommige sweetpakke gesteel is.

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

LEDEGELD

SWEETPAKKE

HONORARIUM

Vennootskappe: Organisasies sonder winsbejag/Klubs

OEFENING 3

Gebruik die kolomme op die werkblad om aan te dui hoe die transaksies van die Langa Jeugklub aangeteken sal word vir die tydperk 1 Januarie 20.4 to 31 Desember 20.4.

Inligting

- 1 12 nuwe lede het by die klub aangesluit. Almal het die R250 toetreegeld betaal.
- 2 Gedurende die jaar ontvang die klub die volgende:
 - R300 van die R700 uitstaande ledegeld vir 20.3 gedurende Maart 20.4.
 - R600 is gedurende 20.3 ontvang ten opsigte van ledegeld vir 20.4.
 - Gedurende die jaar is die volgende bedrae ontvang ten opsigte van ledegeld: R2 400 vir 20.3.
 - Een lid het sy ledegeld van R125 direk in die lopende bankrekening gedeponeer.
 - Volgens die tesourier skuld een lid steeds die klub R125.
- 3 Die boekhouer het vergeet om die Verbruiksvoorraad voorhande (Skryfbehoeftes) van R340 op 31 Desember 20.2 in rekening te bring. Skryfbehoeftes is op krediet aangekoop van NAC Skryfbehoeftewinkel vir R2 000 minus 5% handelskorting. 'n Fisiese voorraadopname het aan die lig gebring dat 5 dose papier @ R55 nie oopgemaak is nie.
- 4 Klubwapens is gedurende die jaar aangekoop vir kontant, R600. Al die wapens is uitgedeel.
- 5 Die administrasiekantoor het nuwe rekenaars nodig gehad. Drie rekenaars is aangekoop teen R3 500 elk. 'n Deposito van 10% is betaal. Die oorblywende saldo sal oor die volgende 12 maande in gelyke paaielemente betaal word.

Nr.	Staat van ontvangste en betalings		Staat van Inkomste en Uitgawe	
	Ontvangste	Betalings	Uitgawe	Inkomste

Oorsig

Kwartaal 3 Oorsig	Onderwerp 1 Bladsy 66	• Produksiekoste
	Koste-rekeningkunde	
	Onderwerp 2 Bladsy 76	
	Opstel van 'n begroting	• Doel van 'n begroting
	Onderwerp 3 Bladsy 82	
	Voorraadstelsel	• Aantekening van handelsvoorraad

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

Produksiekoste

Die volgende tabelle gee 'n uiteensetting van produksiekoste in 'n fabriek:

Vervaardigingskoste/produksiekoste		
Direkte/Primêre koste	Grondstowwe/ Direkte materiale (uitgereik of gebruik)	Enige materiale wat in die finale produk gebruik word Geprosesseerde of ongeprosesseerde materiale Hierdie materiale is duidelik sigbaar in die finale produk
	Direkte arbeid	Verwys na werkers wat direk betrokke is by produksieproses, werkers wat die produk in produksie hanteer of daaraan werk Sluit in alle kostes vir die maatskappy (lone of salarisse plus werkgewer se bydrae tot pensioenfonds, WVF of mediese fonds)
Fabrieksbokoste	Indirekte materiale/ Verbruiksvoorraad (uitgereik of gebruik)	Materiale gebruik in die produksieproses maar relatief onbelangrik
	Indirekte arbeid	Sluit in salarisse of lone van fabrieksbestuurder, fabrieksopsiener, veiligheidswagte vir fabriek, werkers wat grondstowwe hanteer Werkgewer se bydraes tot pensioenfonds, WVF of mediese fonds moet ingesluit word
	Waardevermindering	Slegs vir fabriekstoerusting of masjinerie of voertuie wat net in die fabriek gebruik word
	Onderhoud en herstelwerk	Van fabriekstoerusting of masjinerie of voertuie wat slegs in fabriek gebruik word
	Versekering	Van fabrieksaanleg asook toerusting of voertuie wat in fabriek gebruik word
	Huur	Van fabrieksaanleg of toerusting
	Water en elektrisiteit	In fabriek gebruik
	Ander	Enige koste wat direk verband hou met fabriek, of toerusting en masjinerie wat in fabriek gebruik word

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

Vervaardigingskoste/produksiekoste		
Veranderlike koste	Koste wat direk verband hou met die vlak van produksie Koste verhoog indien meer produkte geproduseer word	Grondstowwe/ Direkte materiale (uitgereik of gebruik)
		Direkte arbeid
		Verkoops- en verspreidingskoste
Vaste koste	Koste wat betaal moet word ongeag van die vlakke van produksie Moet betaal word selfs indien daar geen produksie is nie	Fabrieksbokoste
		Administrasiekoste

Nievervaardigingskoste		
Administrasiekoste	Alle koste wat verband hou met die kantoor	Huur en versekering van kantoorgeboue of toerusting wat in kantoor gebruik word Waardevermindering op kantoor-toerusting Water en elektrisiteit wat in kantoor gebruik word Salarisse en lone van kantoorpersoneel, ontvangspersoon, kantoor skoonmakers (insluitende werkgewersbydrae tot WVF, pensioenfonds of mediese fonds) Onderhoud van kantoorgeboue en -toerusting Telefoonkoste Water en elektrisiteit wat in kantoor gebruik word
Verkoops- en verspreidingskoste (Bemaking)	Alle koste wat verband hou met winkel of agente wat verkope hanteer	Kommissie wat aan agente betaal word Waardevermindering wat op winkeltoerusting betaal word Waardevermindering op voertuie wat deur agente gebruik word Huur en versekering van winkel of winkeltoerusting Telefoonrekening van agente Water en elektrisiteit wat in winkel gebruik word Oninbare skulde

OEFENING 1

Jy ontvang inligting oor die rekords van Mambolo Sambrele. Die onderneming vervaardig en verkoop sambrele. Hul finansiële jaar eindig jaarliks op 28 Februarie.

Inligting

- 1 Eenhede wat vervaardig is:
90 000 sambrele is gedurende die jaar voltooi.

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

2	Vorraadsaldo's:		
		28 Feb. 20.3	28 Feb. 20.4
	Direktemateriaal-/Grondstowwevoorraad	57 900	34 200
	Onvoltooidewerkvoorraad	169 500	123 230
	Voltooidegoederevoorraad	96 000	129 995
	Fabrieksindirektemateriaalvoorraad	8 100	7 400
3	Transaksies vir die jaar:		
	Grondstowwe vir kontant en op krediet aangekoop		R1 622 700
	Beskadigde grondstowwe teruggestuur aan verskaffers		23 100
	Vrag op aankope van grondstowwe		28 800
	Salarisse:		
	• Fabrieksopsiener	241 000	
	• Kantoorwerkers	270 000	
	Lone:		
	• Kantoorwerkers	48 000	
	Fabriekswerkers in die produksieproses (Sien inligting in 4)	?	
	WVF-bydraes (wys toe aan elke spesifieke koste):		
	• Fabriekswerkers in die produksieproses		11 250
	• Fabrieksopsiener		2 410
	• Kantoorwerkers (2 700 + 480)		3 180
	Fabrieksindirektemateriale aangekoop		125 900
	Verkope van voltooide goedere (R90 per eenheid)		8 100 000
	Kommissie betaal aan verkoops persone (10% van verkope)		810 000
	Reklame		275 000
	Fabrieksonderhoud		95 000
	Huur (allokeer aan vloerruimte wat gebruik word) (Sien inligting in 5 hieronder)		198 000
	Sambrele gasteel (kosprys)		975
	Water en elektrisiteit (sien inligting in 6)		36 000
	Waardevermindering op fabrieksmasjinerie		52 000
	Diverse administrasiekostes		150 800
	Diverse fabriekskostes		25 000

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

- 4 Fabriekswerkers in die produksieproses:
- | | |
|---|---------|
| Aantal fabriekswerkers direk betrokke by produksie van sambrele (konstant gedurende jaar) | 10 |
| Totale bedrag van normale tyd | 900 000 |
| Totale bedrag vir oortyd | 225 000 |
| WVF (Bereken volgens normale tyd) | 1% |
- 5 Vloerruimte:
- | | | |
|-----------------|----------------------|--------------------|
| | Fabriek | Kantoor |
| Vierkante meter | 1 400 m ² | 400 m ² |
- 6 Water en elektrisiteit:
15% van die bedrag word toegewys aan die kantoor en 85% van die bedrag word toegewys aan die fabriek.

Instruksies

1.1

Be

reken die Fabrieksbokoste en administrasiekoste.

Koste	Fabrieksbokoste	Administrasiekoste

- 1.2 Hoe sal jy die gesteelde sambrele in jou rekords aanteken? Skep 'n nuwe rekening indien nodig.

Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

- 1.3 As die sambrele aan die plaaslike ouetehuis geskenk word, hoe sal jy die transaksie in jou rekords aantoon?

Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer

- 1.4 Stel die Grondstowwevoorraad rekening en die Onvoltooidewerk-voorraad rekening op.

GRONDSTOWWEVOORRAADREKENING									

ONVOLTOOIDEWERK-VOORRAADREKENING									

- 1.5 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.4.

- 1.6 Stel die Inkomstestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.4.

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

- 1.7 Bereken die gelykbreekpunt vir produksie.

- 1.8 Vergelyk die gelykbreekpunt met die fabriek se produksie. Lewer kommentaar oor die resultate.

OEFENING 2

Jy ontvang inligting oor Ntuli Produkte, wat leerhandsakke produseer.

Inligting

	31 Desember 20.5	31 Desember 20.4
Aantal handsakke geproduseer	6 700	3 360
Onvoltooide werk	0	0
Gelykbreekpunt	853	479
Handsakke nie verkoop aan einde van jaar	410	125
Grondstowwe per eenheid	R330	R240
Direkte arbeid per eenheid	R250	R200
Fabrieksbokoste per eenheid	R42	R45
Administrasiekoste per eenheid	R14	R12
Verkoops- en verspreidingskoste per eenheid	R80	R60
Verkoopprys per eenheid	R1 100	R900

- 1 Khabonina Ntuli, die eienaar, deel jou mee dat die onderneming probleme ondervind het met die verskaffer van die leer en 'n nuwe verskaffer moes vind, met beter gehalte leer en dus 'n hoër prys.
- 2 Me Ntuli het besluit om meer handsakke te produseer om meer wins te probeer maak. Sy het een byomende werknemer aangestel en gereelde bonusse aan die werknemers betaal.

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

Instruksies

2.1 Stel die volgende rekeninge op vir die jaar geëindig 31 Desember 20.5:

ONVOLTOOIDEWERK-VOORRAADREKENING

VOLTOOIDEGOEDERE-VOORRAADREKENING

2.2 Bereken die netto wins vir die jaar geëindig 31 Desember 20.5.

2.3 Was die besluit van die eienaar om een byomende werknemer aan te stel en bonusse aan die werknemers te betaal 'n goeie besluit? Sluit syfers in jou verduideliking in.

--

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

OEFENING 3

Lulu Makoma is 'n leerling aan Soweto Hoërskool. Sy is aangewys om die Graad 12-dans te reël. Sy en die komitee het besluit dit moet 'n glansryke aand wees. Sy stel 'n lys van verwagte kostes op volgens die kwotasies wat van verskillende ondernemings ontvang is:

Lokaalhuur (insluitende alle meubels)	R20 000
Kos (per persoon)	250
Drinkgoed (per persoon)	80
Musiek/DJ	9 000
Dekor	10 000
Blomme	5 000
Die maak van uitnodigings (per persoon)	40
Geskenk (per persoon)	50
Verkoopprijs per kaartjie	500

Instruksies

Toon al jou berekenings.

3.1 Verduidelik die volgende begrippe:

3.1.1	Veranderlike koste	
3.1.2	Vaste koste	
3.1.3	Gelykbreekpunt	
3.1.4	Primêre koste	
3.1.5	Fabrieksbokoste	

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

3.2 Bereken die vaste koste vir die geleentheid.

3.3 Bereken die veranderlike koste per persoon.

3.4 Hoeveel gaste moet die dans bywoon om gelyk te breek?

3.5 Bewys jou antwoord op 3.4 deur die inkomste wat uit kaartjieverkope gemaak word en die totale danskoste by die gelykbreekpunt uit te werk.

Koste-rekeningkunde/Vervaardiging

- 3.6 Lulu Makoma kom vra jou advies. Al die Graad 12's en hul onderwysers (540 leerders en 60 onderwysers) sal kaartjies koop vir die dans. Moet sy al die kwotasies aanvaar en die dans organiseer of moet die lys van uitgawes probeer verander? Stel moontlike veranderinge voor en gee jou redes.

Opstel van 'n begroting

Doel van 'n begroting

'n Kontantbegroting is 'n projeksie van geraamde bedrae wat binne 'n sekere tydperk ontvang en betaal word. Dit is 'n instrument vir gebruik in bestuur en interne beheer.

Die doel van 'n begroting is:

- om te verseker dat die onderneming binne hul finansiële perke bly
- om die onderneming te help om risiko's te identifiseer
- om jou te help om befondsing te vind, indien nodig

'n Geprojekteerde Inkomstestaat help 'n onderneming om te besluit of dit kan voortgaan om te funksioneer met sy geprojekteerde inkomste en uitgawes. Dit word gebruik om toekomstige inkomste en uitgawes te projekteer. 'n Inkomstestaat is die resultaat van werksaamhede gedurende die afgelope finansiële jaar.

Die volgende tabel gee 'n voorstelling van **moontlike ontvangste en betalings** in 'n kontantbegroting:

Ontvangste	Betalings
Kontantverkope	Kontantaankope
Debiteure-invordering	Betalings aan krediteure
Rente ontvang op beleggings of bankrekeninge	Bedryfsuitgawes wat elke maand betaal word
Bateverkope vir kontant	Terugbetaling van lenings
Belegging wat uitkeerbaar raak	Kontantaankope van vaste bates
Huurinkomste	Beleggings
Oninbare skulde wat verhaal is (in kontant)	Geld onttrek deur eienaar

Niekontant-items wat nie op 'n kontantbegroting verskyn nie	
Waardevermindering	Oninbare skulde
Korting toegestaan	Korting ontvang
Oninbare skulde	*Handelsvoorraad deur eienaar onttrek vir persoonlike gebruik

** Indien die eienaar maandeliks voorraad neem vir persoonlike gebruik, moet dit vervang word en sal dit in aankope ingesluit word.*

OEFENING 1

Gebruik die inligting voorsien deur Mulaudzi Spaza om 'n Geprojekteerde Inkomstestaat vir April en Mei 20.7 op te stel.

Opstel van 'n begroting

Inligting

NAAM VAN ONDERNEMING: Mulaudzi Spaza	
INKOMSTESTAAT vir die jaar geëindig 31 Maart 20.7	
Omset vir die jaar	585 000
Koste van verkope	(390 000)
Bruto wins	195 000
Bedryfsinkomste	26 000
Huurinkomste	25 200
Korting ontvang	800
Bruto bedryfsinkomste	221 000
Bedryfsuitgawes	(80 796)
Oninbare skulde	1 356
Waardevermindering	23 040
Versekering	4 800
Water en elektrisiteit	3 600
Salarisse en lone	48 000
Bedryfswins	140 204
Rente-inkomste	0
Netto wins voor rente-uitgawe	140 204
Rente-uitgawe	(13 200)
Netto wins vir die jaar	127 004

- 1 Verwagte verkope:
 - April: verminder met 20%
 - Mei: vermeerder met 28%
- 2 Die bruto winsmarge word gehandhaaf.
- 3 Die maandelikse huurgeld sal met 7% verhoog vanaf 1 April 20.7.
- 4 Korting ontvang behoort konstant te bly.
- 5 Oninbare skulde behoort met R100 te vermeerder vanaf Mei 20.7.
- 6 Die versekeringspolissooreenkoms lui dat die premie jaarliks op 1 April met 10% sal verhoog. Water-en-elektrisiteit-uitgawe sal na verwagting dieselfde bly.
- 7 Die onderneming sal van 2 tot 10 April 20.7 'n Paaspromosie hê. Die begroting vir die veldtog bedra R2 000.
- 8 Werknemers sal hul jaarlikse verhoging van 7% vanaf 1 Mei 20.7 ontvang.
- 9 Die onderneming besluit om by te dra tot die werknemers se mediese fonds vanaf 1 Mei 20.7, R428.
- 10 Die onderneming het nie vaste bates gedurende die jaar gekoop of verkoop nie.

Opstel van 'n begroting

- Die waardevermindering word afgeskryf teen 20% op koste van vaste bates.
- 11 Die onderneming het op 30 April 20.7 R30 000 op 'n vaste deposito belê by NewBank teen 6% per jaar vir 3 jaar.
 12. Die lening word gedelg in paaiemente van R18 000 op 1 April elke jaar. Die leningstaat op 31 Maart 20.7 toon 'n uitstaande saldo van R120 000. Die rentekoers is 11% per jaar.

NAAM VAN ONDERNEMING: Mulaudzi Spaza		
MAANDELIKSE INKOMSTEVOORUITSKATTING vir twee maande		
	April 20.7	Mei 20.7
Verkope		
Koste van verkope		
Bruto wins		
Ander bedryfsinkomste		
Bruto bedryfsinkomste		
Bedryfsuitgawes		
Bedryfswins/verlies		
Rente-inkomste		
Wins/verlies voor rente-uitgawe		
Rente-uitgawe/finansieringskoste		
Vooruitskating van netto wins/verlies		

Opstel van 'n begroting

OEFENING 2

Tendani Mavhungu bedryf 'n snoepwinkel in haar township. Die volgende inligting het betrekking op haar onderneming. Stel die kontantbegroting vir Maart en April 20.3.

Inligting

Uittreksel uit Balansstaat op 28 Februarie 20.3:

- Toerusting R15 000
- Opgehoopte waardevermindering op toerusting 6 000
- Bank (debiet) 4 900

Werklike verkope:

- Desember 20.2 40 000
- Januarie 20.3 38 000
- Februarie 20.3 35 000

Verwagte verkope:

- Maart 20.3 39 000
- April 20.3 42 000

- 1 Die winsmarge vir die onderneming is 100%.
- 2 Die debiteure betaal gewoonlik hul skuld soos volg:
 - 60% in die maand van verkope en hulle ontvang 5% korting
 - 35% in die maand na verkope
 - 5% word afgeskryf as onverhaalbaar in die tweede maand na verkope.
- 3 Mavhungu neem 'n maandelikse salaris van R2 800 en voorraad ter waarde van R800 elke maand.
- 4 Die onderneming handhaaf 'n vaste voorraadvlak. Voorraad word vervang in die maand van verkoop. 80% van die aankope is op krediet. Alle krediteure word in die maand na aankope betaal om 'n 5% korting te kan ontvang.
- 5 Mavhungu het twee werknemers. Hulle werk vir 15 dae per maand teen R140 per dag. Hulle ontvang 'n R100 bonus op hul verjaarsdae. Hul verjaarsdae is op 5 Maart en 13 Augustus.
- 6 Die versekering word vir die jaar vooruitbetaal op 1 April elke jaar. Die maandelikse premie van R200 verhoog met 9% van 1 April 20.3.
- 7 Die Diverse uitgawes van R560 per maand sal na verwagting met 15% verhoog op 1 April.

Opstel van 'n begroting

- 8 Die yskas werk nie behoorlik nie en Mavhungu besluit om dit op 1 Maart 20.3 te verkoop vir R2 400. Die yskas is op 1 September 20.1 vir R3 000 aangekoop.
- 9 Waardevermindering word afgeskryf teen 20% per jaar op kosprys. 'n Nuwe yskas is op 5 April op krediet aangekoop vir R3 000.

NAAM VAN ONDERNEMING: Tendani Mavhungu se Snoepwinkel		
MAANDELIKSE kontantbegroting		
<u>KONTANTONTVANGSTE</u>	Maart 20.3	April 20.3
Totale Ontvangste		
<u>KONTANTBETALINGS</u>		
Totale Betalings		
Kontantsurplus (-tekort)		
Bank: openingsaldo		
Bank: sluitingsaldo		

DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE				
Kredietverkope				
Debiteure-invordering				

Opstel van 'n begroting

KREDITEUREBETALINGSKEDULE				
Krediet aankope				
Krediteure-betaling				

OEFENING 3

Gebruik die inligting hieronder om Kontantaankope vir Augustus 20.1 en betalings aan krediteure vir Augustus 20.1 te bereken.

Inligting

- Die onderneming gebruik 'n vaste voorraadvlak.
- Verkope en koste van verkope:

	Totale verkope	Koste van verkope
Junie 20.1	210 000	150 000
Julie 20.1	238 000	170 000
Augustus 20.1	189 980	?
- Die eienaar onttrek R10 000 per maand uit die onderneming. R4 000 daarvan is in die vorm van handelsvoorraad.
- Verouderde voorraad ter waarde van R2 500 sal afgeskryf word in Julie 20.1.
- 60% van alle aankope is vir kontant en die balans is op krediet.
- Krediteure word betaal in die maand wat volg op die aankope en die onderneming ontvang 'n 10% korting.

Vorraadstelsel

Aantekening van handelsvoorraad

Handelsvoorraad of voorraad word aangeteken volgens die deurlopende voorraadstelsel of die periodieke voorraadstelsel.

Die tabel toon die verskille tussen die voorraadstelsels.

Deurlopende voorraadstelsel	Periodieke voorraadstelsel
Vorraad word deurlopend opgedateer	
Die waarde van die voorraad moet bepaal word deur 'n fisiese voorraadopname aan die einde van die jaar	Die waarde van die voorraad moet bepaal word deur 'n fisiese voorraadopname aan die einde van die jaar
Die balans van die Handelsvoorraad rekening behoort gelyk te wees aan die waarde van die werklike voorraad in die onderneming	Geen Handelsvoorraad rekening word gedurende die jaar gebruik nie
Handelsvoorraad tekorte kan opgespoor word	Handelsvoorraad tekorte word moontlik nie opgespoor nie
Koste van verkope word aangeteken soos die transaksie plaasvind	Koste van verkope moet aan die einde van die finansiële jaar bereken word

OEFENING 1

Gebruik die inligting oor die transaksies van Mbedzi Winkels om die Handelsvoorraad rekening in die Algemene Grootboek van Mbedzi Winkels op te stel. Toon folioverwysings en balanseer die rekening. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

Inligting, Mei 20.1 (einde van finansiële jaar)

- Handelsvoorraad voorhande op 1 Mei 20.1, R17 000.
- Handelsware aangekoop en per tjek betaal, R9 500.
- Handelsvoorraad op krediet aangekoop, R9 655.
- Skenking van goedere aan plaaslike liefdadigheid, R600.
- Kosprys van goedere op krediet verkoop, R6 600.
- Kosprys van goedere vir kontant verkoop, R3 560
- Kosprys van goedere deur debiteure teruggestuur, R1 125.
- Goedere teruggestuur aan verskaffers, R750.
- Die eienaar neem handelsware vir persoonlike gebruik, R2 000.
- Vervoer van handelsware per tjek betaal, R340.

Vorraadstelsel

HANDELSVOORRAADREKENING									

HANDELSREKENING									

OEFENING 3

Die volgende inligting is afkomstig uit die boeke van Mthombeni Winkels op 31 Mei 20.2.

Bruto wins persentasie op koste is 25%.

Handelsvoorraad (1 Junie 20.1)	120 000
Handelsvoorraad (31 Mei 20.2)	180 000
Kontantverkope vir die jaar	500 000
Debiteurekontrole (1 Junie 20.1)	160 000
Debiteurekontrole (31 Mei 20.2)	145 000
Ontvangste van debiteure gedurende jaar	615 000
Vorraad returned deurdebiteure gedurende jaar	20 000

Instruksies

Bereken die kosprys van handelsware aangekoop gedurende die jaar geëindig 31 Mei 20.1.

(Wenk: Stel die Debiteurekontrolerekening en die Handelsvoorraad rekening op.)

DEBITEUREKONTROLEREKENING									

Vorraadstelsel

HANDELSVOORRAADREKENING									

Koste van handelsware aangekoop gedurende die jaar geëindig 31 Mei 20.1: ?

OEFENING 4

Madie Handelaars gebruik die periodieke voorraadstelsel. Hulle voeg 100% wins op hul kosprys by. Die winkel is in Mei 20.3 deur 'n reënstorm vernietig, maar voorraad ter waarde van R94 000 het behoue gebly. Gebruik die inligting om te bepaal hoeveel voorraad vernietig is:

Verkope	R980 000
Aankope	760 000
Handelsvoorraad (begin van jaar)	120 000
Doeaneregte	20 000

Berekening:

Oorsig

Kwartaal 4 Oorsig	Onderwerp 1 Bladsy 87 Belasting op toegevoegde waarde (BTW)	• Aansuiwerings
----------------------	---	-----------------

Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

Die BTW-stelsel

- BTW = Belasting op toegevoegde waarde
- Ondernemings is agente van die regering. Hulle samel BTW namens die regering in en betaal dit aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), die liggaam verantwoordelik vir die administrasie van BTW namens die regering.
- Ondernemings met 'n omset van R50 000 per jaar kan kies om vir BTW te registreer.
- Ondernemings met 'n omset van R1 000 000 per jaar moet vir BTW registreer.
- Insetbelasting is belasting wat deur die onderneming betaal word op aankope of dienste wat deur die onderneming voorsien word. Die onderneming kan belasting terugeis van SAID.
- Uitsetbelasting is belasting ontvang op verkope of dienste wat gelewer word en moet aan SAID betaal word.
- Ter opsomming: As die onderneming finansiële voordeel trek uit die transaksie, skuld die onderneming die BTW aan SAID. As die voordeel verminder, skuld die onderneming minder aan SAID.

Transaksie	BTW-bedrag vermeerder of verminder
Kredietsaldo op Uitset-BTW-rekening	Vermeerder
Verkope aan klante	Vermeerder
Dienste gelewer aan klante	Vermeerder
Onttrekkings deur eienaar	Vermeerder
Korting toegestaan aan debiteure	Verminder
Handelsware, toerusting teruggestuur aan krediteure	Vermeerder
Debietsaldo op Inset-BTW-rekening	Verminder
Oninbare skulde afgeskryf	Verminder
Oninbare skulde wat verhaal is	Vermeerder
Terugsendings deur debiteure	Verminder
Handelsvoorraad, toerusting aangekoop van krediteure	Verminder
Korting ontvang van krediteure	Vermeerder

Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

OEFENING 2

Modiba Handelaars is 'n eenpersoonsaak. Die onderneming is geregistreer vir BTW onder kategorie B op die faktuurbasis. Aan die einde van Junie 20.6 word die verkope soos volg opgesom (vir Mei en Junie 20.6) en aan die rekenmeester oorhandig. Die bedrae wat aangebied word, sluit BTW in waar toepaslik.

Verkope

Verkoopsfakture (uitsluitende kontantverkope) uitgereik	R37 821
Kontantverkope	22 965
Oortollige rekenaar verkoop	2 500
Versekering uitbetaal op gesteelde afleweringswa	40 000

Uitgawes

Nuwe rekenaar aangekoop	R12 000
Voorraad en oorhoofse koste	20 000
Kredietnotas uitgereik	1 580

Instruksies

Bereken die bedrag wat Modiba Handelaars aan SAID skuld.

Vraestel vir eindeksamen

Vraag	Onderwerp	Punte	Tyd toegeken
1	Rekonsiliasie en BTW	57	34 min
2	Vaste bates	42	25 min
3	Vennootskappe: Grootboek	20	12 min
4	Vennootskappe: Finansiële state	80	49 min
5	Vennootskappe: Ontleding	35	21 min
6	Vervaardiging	34	20 min
7	Opstel van 'n begroting	32	19 min
		300	180 min

VRAAG 1: Rekonsiliasie [57 punte]

Vraag 1.1: Bankrekonsiliasie (22 punte)

'n Onervare boekhouer van Baloyi Winkels het die kontantjoernale afgesluit voor dit met die bankstaat vergelyk is. Stel die boeke reg deur die bykomende inskrywings direk in die Bankrekening aan te teken en stel die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Maart 20.2 op.

Inligting

- Die volgende inligting verskyn in die Bankrekening in die Algemene Grootboek op 31 Maart 20.2 voor die kontantjoernale met die bankstaat vergelyk is:

Algemene Grootboek van Baloyi Winkels

BANK

20.1					20.2				
Mrt.	1	Saldo	a/b	6 280	Mrt.	31	Totale betalings	KBJ	88 290
	31	Totale ontvangste	KOJ	86 000					

- Die volgende items verskyn op die bankstaat vir Maart 20.2 maar is nog nie gerekonsilieer nie:

Diensgelde R230, kontanthanteringsgelde R50, rente op debietsaldo R40.

Geweierde tjeks:

- 'n Tjek ontvang van T. Kubayi vir R350 ter vereffening van 'n rekening van R380 is geweier weens onvoldoende fondse.
- 'n Tjek ontvang van debiteur H. Maluleke vir R460. Die uitstaande skuld was R460 maar die bedrag verskyn as 'Vier honderd en ses rand' in woorde.

Vraestel vir eindeksamen

3. Die bank stuur Tjek 168, uitgereik deur Baloyi Winkels aan krediteur Shabangu Verskaffers vir R3 500, terug. Die tjek is nie onderteken nie. Eienaar Tinyiko Baloyi teken die tjek en stuur dit terug aan Shabangu Verskaffers wat die tjek op 1 April 20.2 sal deponeer.

Deposito's:

- Eienaar Tinyiko Baloyi vermeerder die kapitaal deur R10 000 in die lopende bankrekening van die onderneming te deponeer.
- EFO vir R3 200 deur G. Black, 'n huurder. Dit is die huurgeld vir die stoorarea vir Maart en April 20.2.

Ander:

- Tjek 890 vir R1 020 word korrek aangetoon op die bankstaat. Hierdie tjek vir skryfbehoeftes is in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken as R1 200.

4. Die volgende items verskyn in die kontantjoernale maar nie op die bankstaat nie:

Deposito nog nie deur die bank gekrediteer nie, R6 230

Tjeks:

- Nr. 089 R800 (12 September 20.1)
- Nr. 123 R350 (19 Februarie 20.2)
- Nr. 274 R1 120 (20 Maart 20.2)
- Nr. 295 R2 400 (25 Maart 20.2)
- Nr. 302 R980 (28 April 20.2)

Tjek 089 is uitgereik aan Telkom vir die eienaar se persoonlike telefoonrekening. Die eienaar se vrou het die tjek verloor en die rekening in kontant betaal.

Tjek 295 is aan Schnell Aflewering gegee vir die vervoer van handelsware. Een van die werknemers het die voorraad met sy motor gaan haal. Die tjek moet gekanselleer word.

Die saldo volgens bankstaat op 31 Maart 20.2 is onbekend.

Vraestel vir eindeksamen

KREDITEUREGROOTBOEK VAN KHABINE WINKELS

PHINDILE VERSKAFFERS						KG1
Datum		Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
20.2 Jan.	1	Rekening gelewer				12 000
	5	Faktuur PV223	KJ		9 510	21 510
	10	Tjek 536	KBJ	11 040		10 470
		Tjek 536 (korting)	KBJ	960		9 510
	23	Faktuur PV 301	KJ		8 700	18 210
SKHOSANA TOERUSTING						KG2
20.2 Jan.	1	Rekening gelewer				8 560
	2	Tjek 511	KBJ	5 000		3 560
	5	Faktuur 1024	KJ		13 338	16 898
	7	Debietnota 126	KKJ	1 710		15 188
	23	Faktuur 1158	KJ		7 600	22 788
	23	Joernaal (rente)	AJ		120	22 908

Staat ontvang van Phindile Verskaffers:

Phindile Verskaffers					
STAAT					
Aan: Khabine Winkels			Januarie 20.2		
Rekeningnommer: SA005					
Datum		Besonderhede van transaksie	Debiet	Krediet	Saldo
1 Jan. 20.2		Oorgebring			12 000
5 Jan. 20.2		Faktuur PV 223	8559		20 559
10 Jan. 20.2		Tjek 536		11 040	9 519

Inligting

- Khabine Winkels het nie die 10% handelskorting wat deur Phindile Verskaffers toegestaan is, in rekening gebring nie.
- Phindile Winkels het die korting wat op 10 Januarie 20.2 aan Khabine Winkels toegestaan is, weggelaat.
- Phindile Verskaffers het faktuur PV301, uitgereik aan Khabine Winkels, op 'n ander debiteur se rekening aangeteken. Hulle sal die fout op die volgende staat regstel.

Vraestel vir eindeksamen

Instruksies

- 1.2.1 Berei die krediteurerekonsiliasiestaat voor wat Khabine Winkels moet optrek nadat die Krediteurgrootboekrekening met die staat wat van Phindile Verskaffers ontvang is, vergelyk is.

KREDITEUREREKONSILIASIESTAAT	

- 1.2.2 Stel die korrekte Krediteurkontrolerekening op in die Algemene Grootboek van Khabine Winkels.

KREDITEURKONTROLEREKENING									

- 1.2.3 Beantwoord die volgende vrae:
- 1.2.3.1 Faktuur 1024 is van Skhosana Toerusting ontvang vir handelware wat aangekoop is. Die bedrag van R13 338 sluit BTW in. Bereken die BTW-bedrag wat in hierdie faktuur ingesluit is.

- 1.2.3.2 Watter tipe BTW verteenwoordig die bedrag in 1.2.3.1?

- 1.2.3.3 Die onderneming gebruik 'n winsmarge van 100% op kosprys. Bereken die verkoopprijs, insluitende BTW, wat 'n klant moet betaal vir die goedere aangegee op faktuur 1024.

Vraestel vir eindeksamen

- 1.2.3.4 Debietnota 126 vir R1 710 uitgereik aan Skhosana Toerusting sluit BTW in. Watter uitwerking sal hierdie transaksie hê op die bedrag wat aan SAID verskuldig is?

VRAAG 2: vaste bates [42 punte]

Die volgende Vastebateregisterbladsye verskyn in die rekords van Mojaki Vervoer op 28 Februarie 20.5, die einde van hul finansiële jaar.

BATEREGISTER		P1
Algemenegrootboekrekening: <i>Voertuie</i>		
Voertuigregistrasie: <i>MOJ001 WP</i>		
Koopprijs: <i>R300 000</i>		
Datum aangekoop: ?		
Metode en koers van waardevermindering: <i>25% op kosprys</i>		
Besonderhede van waardevermindering:		
Datum	Huidige waardevermindering	Opgehoopte waardevermindering
28 Feb. 20.1	37 500	37 500
28 Feb. 20.2	75 000	112 500
28 Feb. 20.3	75 000	187 500
28 Feb. 20.4	75 000	262 500
1 Junie 20.4	?	?
Besonderhede indien verkoop:		
Datum verkoop: <i>1 Junie 20.4</i>		
Drawaarde op datum van verkoop: ?		
Verkoopprijs: <i>R15 000</i>		
Methode van verkoop: <i>Eienaar neem dit vir persoonlike gebruik.</i>		
Wins/Verlies op verkoop: ?		

Vraestel vir eindeksamen

BATEREGISTER		P2
Algemenegrootboekrekening: <i>Voertuie</i>		
Voertuigregistrasie: <i>MOJ111 WP</i>		
Koopprijs: <i>R280 000</i>		
Datum aangekoop: <i>1 Maart 20.2</i>		
Metode en koers van waardevermindering: <i>25% op kosprys</i>		
Besonderhede van waardevermindering:		
Datum	Huidige waardevermindering	Opgehoopte waardevermindering
28 Feb. 20.3	70 000	70 000
28 Feb. 20.4	70 000	140 000
28 Feb. 20.5	70 000	210 000
Besonderhede indien verkoop:		
Datum verkoop:		
Drawaarde op datum van verkoop:		
Verkoopprijs:		
Wins/Verlies op verkoop:		

BATEREGISTER		P3
Algemenegrootboekrekening: <i>Voertuie</i>		
Voertuigregistrasie: <i>MOJ222 WP</i>		
Koopprijs: <i>R360 000</i>		
Datum aangekoop: <i>1 Junie 20.4</i>		
Metode en koers van waardevermindering: <i>25% op kosprys</i>		
Besonderhede van waardevermindering:		
Datum	Huidige waardevermindering	Opgehoopte waardevermindering
28 Feb. 20.5	?	?
Besonderhede indien verkoop:		
Datum verkoop:		
Drawaarde op datum van verkoop:		
Verkoopprijs:		
Wins/Verlies op verkoop:		

Vraestel vir eindeksamen

Instruksies

- 2.1 Bepaal die datum waarop voertuig MOJ001 WP aangekoop is. Staaf jou antwoord met 'n berekening.

--

- 2.2 Stel die Bateverkoperekening op 1 Junie 20.4 op.

BATEVERKOPE									

- 2.3 Toon die Opgehoopte-waardevermindering-op-voertuie-rekening vir die tydperk 1 Maart 20.4 tot 28 Februarie 20.5.

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE									

- 2.4 St
el die aantekening vir vaste bates (Voertuie) by die Balansstaat op 28 Februarie 20.5 op.

Vraestel vir eindeksamen

Vaste bates	Voertuie
Koste	
Opgehoopte waardevermindering	
Drawaarde aan einde van vorige jaar	
Bewegings	
Drawaarde aan einde van huidige jaar	
Koste	
Opgehoopte waardevermindering	

2.5 Gee twee moontlike redes vir die verkoop van voertuig MOJ001 WP.

VRAAG 3: Vennootskappe (grootboekrekening) [20 punte]

Die inligting is geneem uit die rekords van BaSha Winkels, 'n vennootskap met vennote T. Baloyi en S. Shabangu.

Saldo's/Totale op 28 Februarie 20.6	
Kapitaal: Baloyi	350 000
Kapitaal: Shabangu	500 000
Lopende rekening: Baloyi (1 Maart 20.5)	(Krediet) 24 500
Lopende rekening: Shabangu (1 Maart 20.5)	(Debiet) 6 700
Onttrekkings: Baloyi	143 000
Onttrekkings: Shabangu	144 000
Wins-en-verlies-rekening (Netto wins)	356 000

Vraestel vir eindeksamen

Bykomende inligting

- 1 Geen inskrywings is vir die volgende gemaak nie:
 - Die vennote kom ooreen dat vennoot Baloyi 'n perseel (eiendom), gewaardeer teen R150 000, in die naam van die onderneming sal registreer. Die registrasie het op 1 Desember 20.5 plaasgevind.
 - Vennoot Shabangu onttrek maandeliks voorraad van R2 500.
- 2 Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:
 - Vennote is geregtig op 'n salaris van R10 000 per maand. Dit is verhoog na R12 000 vanaf 1 Januarie 20.6.
 - Rente op kapitaal moet bereken word teen 10% p.j.
 - Vennote is geregtig op 'n bonus van R10 000 indien hulle 'n nuwe graad verwerf. Baloyi voltooi sy MBA-graad in Desember 20.5.
 - Die oorblywende wins word verdeel volgens hul kapitaalrekeningsaldo's aan die einde van die finansiële jaar.

Instruksies

- 3.1 Stel die Lopende rekening van Baloyi op. Sluit die rekening af.

LOPENDE REKENING: Baloyi

- 3.2 Stel die Aanwendingsrekening op 28 Februarie 20.6 op.

AANWENDINGSREKENING

VRAAG 4: Vennootskappe: Finansiële state [80 punte]

John Butler en Sam Johnson sluit 'n vennootskap, John&John, op 1 Januarie 20.1. Hul finansiële jaar eindig jaarliks op 31 Desember. Die volgende saldo's verskyn in hul

Vraestel vir eindeksamen

finansiële rekords op 31 Desember 20.5:

Kapitaal: Butler	R500 000
Kapitaal: Johnson	500 000
Onttrekkings: Butler	98 000
Onttrekkings: Johnson	91 000
Lopende rekening: Butler (1 Jan. 20.5)	(Debiet) 8 400
Lopende rekening: Johnson (1 Jan. 20.5)	(Krediet) 21 800
Grond en geboue	800 000
Voertuie	404 860
Toerusting	100 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	25 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	56 000
Lening: ABASA Bank (11% p.j.)	200 000
Handelsvoorraad	310 000
Debiteurekontrole	124 490
Voorsiening vir oninbare skulde	2 000
Bank	(Krediet) 6 500
Krediteurekontrole	240 700
Netto wins	384 750
Opgelope inkomste	3 800
Opgelope uitgawes	12 500
Vooruitbetaalde uitgawes	2 340
Inkomste vooruit ontvang	7 200
Verbruiksvorraad voorhande	13 560

Bykomende inligting en aansuiwerings

- 1 Die Netto wins van R384 750 is bereken voor die volgende aansuiwerings in rekening gebring is.
- 2 'n Nuwe werknemer se inligting is weggelaat uit die salarisjoernaal vir Desember 20.5:
 - Bruto salaris, R8 000
 - LBS, R1 280
 - Pensioenfonds, R600
 - Mediese fonds, R700

Die onderneming dra R2 by tot die mediese fonds vir elke R1 wat die werknemer bydra. Die onderneming dra nie by tot die pensioenfonds nie. Geen betalings is gemaak ten opsigte van hierdie fout nie.

Vraestel vir eindeksamen

- 3 Die volgende items verskyn op die bankstaat maar geen inskrywings is in die rekords van die onderneming gemaak nie:
- Rente op oortrekking, R108
 - Bankkoste, R230
 - 'n Geweerde tjek van R270. Die tjek is ontvang van 'n debiteur ter vereffening van hul rekening van R300.
- 4 Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word na R3 700.
- 5 Voorraad:
- 'n Faktuur vir handelsware op krediet aangekoop van ACD Verskaffers vir R6 700 minus 5% handelskorting is weggelaat uit die Krediteurejoernaal vir Desember 20.5.
 - Goedere met 'n verkoopprijs van R825 is aan die plaaslike skool geskenk. Die onderneming gebruik 'n winsmarge van 25% op kosprys. Geen inskrywing is gemaak van die skenking nie.
 - 'n Kredietnota, gedateer 31 Desember 20.5, vir goedere teruggestuur aan die verskaffer, Equipco, is eers ontvang nadat die Krediteurekortingsjoernaal afgesluit is, R920.
 - 'n Fisiese voorraadopname openbaar die waarde van voorraad as R317 403.
- 6 Die leningsooreenkoms met die bank stipuleer dat 'n bedrag van R7 390 per maand vir die volgende twaalf maande betaal moet word.
- 7 Die Vennootskapsooreenkoms stipuleer die volgende:
- Elke vennoot is geregtig op 'n maandelikse salaris van R8 000. Johnson het nog nie sy salaris vir Desember ontvang nie aangesien hy op 'n bootreis was.
 - Die vennote kom ooreen om die rente op kapitaal van 3% p.j. tot 6% p.j. te verhoog op 31 Oktober 20.5. Die kapitaalbydraes het nie gedurende die jaar verander nie.
 - Die oorblywende wins of verliese word gelykop verdeel.

Instruksies

- 4.1 Bereken die korrekte netto wins na al die nodige aansuiwerings in rekening gebring is. Toon jou berekenings.

Netto wins	384 750

Vraestel vir eindeksamen

Berekenings:

4.2 Stel die volgende Aantekeninge op by die balansstaat op 31 Desember 20.5:

- Lopende rekeninge
- Handels- en ander rekeninge ontvangbaar
- Handels- en ander rekeninge betaalbaar

<u>Lopende rekeninge</u>	Butler	Johnson	Totaal
Saldo aan begin van die jaar			
Wins soos op die inkomstestaat			
Primêre verdeling van winste			
Onttrekkings gedurende die jaar			

Handels- en ander rekeninge ontvangbaar

Netto handelsdebiteure

Handelsdebiteure

Voorsiening vir oninbare skulde

Handels- en ander rekeninge betaalbaar

4.3

Vraestel vir eindeksamen

4.4 Stel die Balansstaat op 31 Desember 20.5 op. Toon berekenings waar die aantekening nie gevra is nie.

NAAM VAN ONDERNEMING: John&John		
BALANSSTAAT op 31 Desember 20.5		
	Aantekening	
BATES		
Niebedryfsbates		
Bedryfsbates		
TOTALE BATES		
EKWITEIT EN LASTE		
Eienaarsbelang		
Niebedryfslaste		
Bedryfslaste		
TOTALE EKWITEIT EN LASTE		

Vraestel vir eindeksamen

VRAAG 5: Vennootskappe: Ontleding [35 punte]

Die finansiële jaar van Seasons Kleinhandelaars eindig jaarliks op 28 Februarie. Die onderneming het twee vennote: Tsepiso Seane en Lesego Sefatsa.

Uittreksel: Proefbalans op:		
	28 Februarie 20.5	28 Februarie 20.4
Kapitaal: Seane	500 000	400 000
Kapitaal: Sefatsa	500 000	450 000
Lopende rekening: Seane	(Kt.) 185 000	(Kt.) 8 900
Lopende rekening: Sefatsa	(Dt.) 94 270	(Dt.) 90 000
Vaste bates	860 000	800 000
Finansiële bates	20 000	100 000
Verband	280 000	350 000
Handelsvoorraad	198 000	130 000
Handels- en ander debiteure	176 000	87 000
Handels- en ander krediteure	133 000	117 900
Bank (Dt.)	49 730	19 800

Bykomende inligting

Verdienste vir die jaar:

	Seane	Sefatsa
Rente op kapitaal	49 500	60 730
Salarisse	96 000	108 000
Deel van oorblywende wins	25 000	25 000
Totaal	170 500	103 730

Instruksies

- 5.1 Bereken die opbrengs op elke vennoot se gemiddelde eienaarsbelang vir die huidige jaar.

Seane	Sefatsa

Vraestel vir eindeksamen

5.2 Bereken die opbrengs op eienaarsbelang vir die onderneming.

5.3 Lewer kommentaar oor die opbrengs op eienaarsbelang van die onderneming asook die opbrengs vir elke vennoot.

5.4 Doen die nodige berekenings om die likiditeit van die onderneming te bepaal. Lewer kommentaar oor die resultate.

5.5 Die onderneming het R600 000 nodig om uit te brei. Sal die bank 'n lening toestaan vir daardie bedrag of sal die vennote hul belegging in die onderneming moet vermeerder? Staaf jou antwoord met berekenings.

Vraestel vir eindeksamen

VRAAG 6: Vervaardiging [34 punte]

RM Vervaardiging produseer plastiekstoele vir gebruik in skole.

Saldo's	30 Junie 20.8	30 Junie 20.7
Grondstowwevoorraad	31 630	25 300
Onvoltooidewerkvoorraad	10 350	9 830
Voltooidegoederevoorraad	32 300	7 500
Verbruiksvoorraad	5 900	9 700
Fabrieksmasjinerie	459 000	390 000
Opgehoopde waardevermindering op fabrieksmasjinerie	210 750	146 250

Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 30 Junie 20.8

Aankope van grondstowwe op krediet	186 550
Aankope van grondstowwe vir kontant	41 200
Terugsendings van grondstowwe aan krediteure	14 300
Vrag op aankope van grondstowwe betaal	6 850
Voltooidede goedere (stoele) geskenk aan plaaslike skool	12 000
Verbruiksvoorraad aangekoop op krediet	11 400
Verbruiksvoorraad aangekoop vir kontant	15 200
Nuwe fabrieksmasjinerie aangekoop op 1 Maart 20.8	?
Produksielone	360 000
Salaris: Fabrieksopsiener	96 000
Salaris: Administrasie	36 000
Water en elektrisiteit	25 800
Onderhoud: Fabrieksmasjinerie	23 200
Diverse uitgawes: Fabriek	8 090
Diverse uitgawes: Administrasie	1 420
Versekering	12 360
Huuruitgawe	144 000
Waardevermindering op fabrieksmasjinerie (20% op kosprys)	82 600

Bykomende inligting

- 1 Verbruiksvoorraad is soos volg gebruik: 80% van koste vir fabriek en 20% van koste vir administrasie.
- 2 Versekering, water en elektrisiteit en huurgeld word verdeel volgens oppervlak wat benut word: Fabriek is 200 m² en kantoor is 40 m².

Gevra

Moenie desimale gebruik nie, rond alle bedrae af.

Vraestel vir eindeksamen

6.1 Bereken die waarde van verbruiksvorraad wat gedurende die jaar gebruik is.

--

6.2 Voltooi die tabel met die fabrieksbokoste en administrasiekoste.

Beskrywing	Fabrieksbokoste	Administrasiekoste
Verbruiksvorraad		
Salarisse en lone		
Water en elektrisiteit		
Onderhoud	23 200	
Diverse uitgawes	8 090	1 420
Versekering		
Huuruitgawe		
Waardevermindering	82 600	
Totaal		

6.3 Stel die volgende rekeninge op:

GRONDSTOWWEVOORRAADREKENING									

ONVOLTOOIDEWERK-VOORRAADREKENING									

Vraestel vir eindeksamen

VOLTOOIDE GOEDERE-VOORRAADREKENING									

VRAAG 7: Opstel van 'n begroting [32 punte]

Die volgende inligting het betrekking op Mbedzi Winkel. Die inligting is op 28 Februarie 20.2 aan jou gegee:

Werklike syfers

	Januarie 20.2	Februarie 20.2
Verkope (40% kontant)	180 000	234 000

Verwagte syfers

	Maart 20.2	April 20.2	Mei 20.2
Verkope (40% kontant)	280 000	304 000	288 000

Bykomende inligting

- 1 Die onderneming gebruik 'n winsmarge-persentasie van 60% op kosprys.
- 2 Kredietverkope word soos volg ingevorder:
 - 55% in die maand van verkope; 5% korting word toegestaan
 - 40% in die maand na verkope
 - 5% word afgeskryf as onverhaalbaar.
- 3 Die onderneming handhaaf 'n vaste voorraadvlak. Goedere moet op 'n maandelikse basis vervang word. Alle aankope is op krediet. Verskaffers word ten volle betaal in die maand na aankope om 'n 3% korting te ontvang.

Instruksies

- 7.1 Stel die Debiteure-invorderingskedule en die Krediteurebetalingskedule op vir die tydperk 1 Maart 20.2 to 31 Mei 20.2.

Vraestel vir eindeksamen

DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE			
	Maart	April	Mei
Maand (Kredietverkope:))			
Februarie ())			
Maart ())			
April ())			
Mei ())			

KREDITEUREBETALINGSKEDULE			
	Maart	April	Mei
Maand (Kredietaankope:))			
Februarie ())			
Maart ())			
April ())			
Mei ())			

7.2 Bereken die Oninbare skulde wat afgeskryf moet word gedurende April 20.2.

7.3 Bereken die korting ontvang gedurende Mei 20.2.

7.4 Bereken die Verkoopsyfer vir gebruik in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir die drie maande geëindig 31 Mei 20.2.

Vraestel vir eindeksamen

- 7.5 Sou die item 'Korting ontvang' in die Ontvangste-afdeling van 'n kontantbegroting gebruik word? Gee 'n rede vir jou antwoord.

- 7.6 Waarom verskyn die item 'Waardevermindering' in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat maar nie in 'n kontantbegroting nie?

Total: 300 punte

Kwartaal 1, Onderwerp 1: Etiek

Oefening 1

- 1.1 Drie voordele van etiese optrede vir 'n onderneming:
- Dit skep 'n goeie beeld van die onderneming wat meer klante lok.
 - Indien werknemers eties optree in alles wat hulle in die onderneming doen, kan dit onnodige koste voorkom.
 - Dit voorkom regsprobleme.
 - Dit behou goeie werknemers omdat dit 'n positiewe werkomgewing is.
- 1.2.1 Boekhouer 'leen' die kontant en 'betaal dit terug' aan die einde van die maand.
- Oneties. Indien die eienaar nie weet van haar 'lenings' nie, kan sy dalk uiteindelik besluit om dit nie 'terug te betaal' nie.
 - Die onderneming kan die geld nodig hê vir betalings en daaglikse aktiwiteite in die tyd dat sy die geld 'leen'. Dit kan kontantvloei-probleme veroorsaak indien die bedrae taamlik groot is.
- 1.2.2 Eienaar onttrek kontant om kind se skoolgelde te betaal.
- Eties, aanvaarbaar – indien dit as Onttrekkings aangeteken word.
 - Die onderneming en die eienaar is egter aparte entiteite en hul transaksies behoort apart gehou te word.
- 1.2.3 Bestuurder verkoop beskadigde goedere en maak 'n skenking aan plaaslike skool.
- Eties – indien die vriende ingelig word dat die goedere beskadig is.
 - Die verlies van die onderneming kan aangeteken word as skenkings – deel van sosiale verantwoordelikheid.
- 1.2.4 Bestuurder verkoop beskadigde goedere en gebruik die geld vir persoonlike uitgawes.
- Oneties – die onderneming verloor die geld maar kry nie iets terug soos in die vorige voorbeeld nie.
- 1.2.5 Werknemer gebruik projektor sonder toestemming om tuis na films te kyk.
- Oneties – dit dra by tot meer slytasie op die toerusting. Die onderneming moet die onderhouds- of herstellkoste dra maar het nie die voordeel om die dataprojektor tot sy volle nut te gebruik nie.

Voorgestelde antwoorde

- 1.2.6 Assistent lig klient in dat toerusting winkelgeslyt is.
- Eties – dit is die klient se keuse om dit te koop na ontvangs van die korrekte inligting.
- 1.3 Die effek van onetiese optrede op die onderneming:
- Die beeld van die onderneming kan skade ly.
 - Die onderneming kan verliese ly weens gesteelde bates wat vervang moet word, kontant wat kan verdwyn, of onnodige kostes.

Kwartaal 1, Onderwerp 2: Interne beheer

Oefening 1

- 1.1 Moontlike probleme by Sandy's Hair Buzz:
- Sommige van die werknemers kan 'n sekere bedrag vir hul dienste vra maar slegs 'n persentasie van daardie bedrag aan die onderneming gee.
 - Kontant kan uit die kasregister verdwyn omdat deposito's nie gereeld gemaak word nie.
 - Die geld is nie beskikbaar vir gereelde betalings van die onderneming nie.
 - Sandy kan nie 'n begroting gebruik indien sy geen idee het van die inkomstebedrag wat die onderneming behoort te kry nie.

Voorgestelde oplossings:

- Stel 'n vaste pryslys op.
 - Maak een persoon verantwoordelik om die kontant te ontvang en 'n ander persoon verantwoordelik vir die boekhouding.
 - Alle kontant moet op gereelde grondslag gedeponeer word.
 - Sandy moet meer tyd bestee aan boekhouding en kontrole.
- 1.2 Advies aan eienaar van Mabuza Vervoer oor hoe om die voertuie beter te beheer.
- Bestuurders moet duidelik ingelig word oor hul pligte.
 - Beleids- en kontroleprosedures met betrekking tot bates moet ingestel word en werknemers moet daarvoor ingelig word.
 - Opsporingstoestelle kan in die voertuie geïnstalleer word om die afstand en die gebiede waarheen die bestuurder gaan, te kontroleer.
 - Voertuie moet in 'n goeie toestand gehou word.
 - Gaan die voertuie gereeld na.
 - Voertuie moet op 'n veilige plek gehou word wanneer dit nie in gebruik is nie.

Voorgestelde antwoorde

- 1.3 Voorraadbeheermaatreëls vir die eienaar van Kubayi Handwerk om vermorsing of diefstal te voorkom.
- Stel 'n lys op van materiale wat nodig is vir elke item wat hulle produseer.
 - Doen 'n studie om te bereken presies hoeveel per dag geproduseer kan word en hoeveel werknemers nodig is vir daardie aantal items.
 - Vergelyk materiale wat van verskaffers ontvang word met oorspronklike bestellings.
 - Hou materiale op 'n veilige plek en maak een persoon verantwoordelik vir die beheer oor en uitreiking van die materiale.
 - Enige foute in produksie moet aangeteken word.
 - Vermorste materiale moet aangeteken word.
 - Die eienaar moet gereeld verslae oor die materiale met werknemers bespreek.

Kwartaal 1, Onderwerp 3: Bankrekonsiliasie

Oefening 1

1.1 Totale vir die kontantjoernale:

Kontantontvangstejoernaal	
Voorlopige totaal	19 800
Toerusting	900
Telefoon	1 090
Onttrekkings	760
Rente op oortrekking	126
Bankkoste	557
Debiteurekontrole	1 870
Debiteurekontrole	480
Voertuiguitgawes	450
Totaal	26 033

Kontantbetalingsjoernaal	
Voorlopige totaal	19 800
Toerusting	900
Telefoon	1 090
Onttrekkings	760
Rente op oortrekking	126
Bankkoste	557
Debiteurekontrole	1 870
Debiteurekontrole	480
Voertuiguitgawes	450
Totaal	26 033

1.2 Bankrekening vir Junie 20.2:

Dt.		BANK				Kt.			
20.2					20.2				
Jun.	30	Totale ontvangste	KOJ	47 270	Jun.	1	Saldo	a/b	4 383
						30	Totale betalings	KBJ	26 033
							Saldo	a/d	16 854
				47 270					47 270
Jul.	1	Saldo	a/b	16 854					

Voorgestelde antwoorde

1.3 Bankrekonsiliasiestaats, 30 Junie 20.2:

BANKREKONSILIASIESTAAT soos op 30 Junie 20.2		
	Debiet	Krediet
Kredietsaldo volgens bankstaat		29 394
Krediteer uitstaande deposito		9 700
Debiteer uitstaande tjeks:		
nr. 797	540	
nr. 801	2 400	
nr. 825	3 100	
nr. 828	16 200	
Debietsaldo volgens Bankrekening	16 854	
	39 094	39 094

Oefening 2

Dt.		BANK			Kt.				
20.2					20.2				
Jun.	29	Totale ontvangste	KOJ	29 535	Jun.	1	Saldo	a/b	1 050
	30	Verkope	KOJ	6 600		29	Totale betalings	KBJ	20 760
		Debiteurekontrole	KOJ	380		30	Krediteurekontrole (tjek 837)		780
		Huurinkomste	KOJ	800			Kaskontant (tjek 838)	KBJ	500
		Handelsvoorraad	KOJ	2 700			Kleinkas (tjek 839)	KBJ	250
							Pensioenfonds (tjek 840)	KBJ	1 400
							Mediese fonds (tjek 841)	KBJ	1 600
							SAID (LBS) (tjek 842)	KBJ	2 200
							Krediteurekontrole	KBJ	36
							Versekering	KBJ	150
							Bankkoste	KBJ	179
							Debiteurekontrole	KBJ	3 600
							Handelsvoorraad (tjek 843)	KBJ	2 700
							Saldo	a/b	4 810
				40 015					40 015
Jul.	1	Saldo	a/b	4 810					

BANKREKONSILIASIESTAAT soos op 30 Junie 20.2

Voorgestelde antwoorde

	Debiet	Krediet
Kredietsaldo volgens bankstaat		10 360
Krediteer uitstaande deposito (<i>sluitsyfer</i>)		5 000
Debiteur uitstaande tjeks:		
Nr. 812	8 100	
Nr.837	780	
Nr. 838	500	
Nr. 839	250	
Nr. 840	1 400	
Nr. 841	1 600	
Nr. 842	220	
Nr. 843	2 700	
Debietsaldo volgens Bankrekening	4 810	
	15 360	15 360

Oefening 3

Nr.	Besonderhede in hulpjoernaal		Bedrag	Bankrekening		Bankrekonsiliasiestaat		Geen inskrywing
	Hulpjoernaal	Naam van rekening in Algemene Grootboek		Debiet	Krediet	Debiet	Krediet	
1			9 800		✓			
2	KOJ	Huurinkomste	3 200	✓				
3	KBJ	Onttrekkings	1 100		✓			
3	KBJ	Telefoon/Selfoon	685		✓			
3	KBJ	Bankkoste	485		✓			
4	KBJ	Debiteurekontrole	900		✓			
5	KBJ	Handelsvoorraad/voorraad	7 680	✓				
	KBJ	Handelsvoorraad/voorraad	7 680		✓			
						✓		
6								✓
7						✓		

Voorgestelde antwoorde

Kwartaal 1, Onderwerp 4: Vaste/tasbare bates

Oefening 1: Finansiële jaar geëindig op 30 Junie

Vaste bates	Voertuie	Berekenings
Kosprys	8 000	
Opgehoopte waardevermindering	(2 000)	
Drawaarde van voertuie aan einde van vorige jaar	6 000	
Bewegings:		
Byvoegings teen kosprys	9 000	
Bateverkope teen drawaarde	(5 000)	[8 000 – (2 000 + 1 000)]
Waardevermindering vir die jaar	(2 125)	(25% x 8 000 x ⁶ / ₁₂) + (25% x 9 000 x ⁶ / ₁₂)
Drawaarde aan einde van huidige jaar	7 875	[6 000 + 9 000 – 5 000 – 2 125] or [9 000 – 1 125]
Kosprys	9 000	
Opgehoopte waardevermindering	(1 125)	(25% x 9 000 x ⁶ / ₁₂)

Oefening 2

Algemene Grootboek van Shabangu Handelaars

VOERTUIE

20.8					20.9				
Mrt.	1	Saldo	a/b	350 000	Feb.	1	Bateverkope	AJ	70 000
Nov.	30	Krediteurekontrole	KJ	120 000		28	Saldo	a/b	400 000
				470 000					470 000
20.9									
Mrt.	1	Saldo	a/b	400 000					

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE

20.9					20.8				
Feb.	1	Bateverkope	AJ	49 300	Mrt.	1	Saldo	a/b	150 000
	28	Saldo	a/b	134 900	20.9				
				184 200	Feb.	1	Waardevermindering	AJ	3 300
						28	Waardevermindering (26 400 + 4 500)	AJ	30 900
									184 200
					Mrt.	1	Saldo	a/b	134 900

Voorgestelde antwoorde

Berekenings vir Opgehoopte waardevermindering op voertuie:

Waardevermindering op voertuig verkoop: $15\% \times (70\ 000 - 46\ 000) \times \frac{11}{12} = 3\ 300$

Waardevermindering op oorblywende voertuie :

$15\% \times [(350\ 000 - 70\ 000) - (150\ 000 - 46\ 000)]$

$= 15\% - (280\ 000 - 104\ 000) = 26\ 400$

Waardevermindering op nuwe voertuig: $15\% \times 120\ 000 \times \frac{3}{12} = 4\ 500$

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP TOERUSTING

						20.8 Mrt. 1	Saldo (90 000 - 46 000)	a/b	44 000
						20.9 Feb. 28	Waardevermindering	AJ	22 000
									66 000

BATEVERKOPE

						20.9 Feb. 1	Voertuie	AJ	70 000		20.9 Feb. 1	Opgehoopte waardevermindering op voertuie (46 000 + 3 300)	AJ	49 300
							Wins op bateverkope	AJ	1 300			Krediteurekontrole	AJ	22 000
									71 300					71 300

WAARDEVERMINDERING

		20.9 Feb. 1	Opgehoopte waardevermindering op voertuie	AJ	3 300		29.9 Feb. 28	Wins en verlies	AJ	56 200
		Feb. 28	Opgehoopte waardevermindering op voertuie	AJ	30 900					
			Opgehoopte waardevermindering op toerusting	AJ	22 000					
					56 200					56 200

Oefening 3

Bateregister van Thabo Mpy

TOERUSTING

Nommer: SIMo78/RT

Datum aangekoop: 1 Maart 20.5

Kosprys: R80 000

Waardevermindering metode: 20% per jaar op drawaarde

Voorgestelde antwoorde

Datum	Waardevermindering vir die jaar	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
28 Februarie 20.6	16 000	16 000	64 000
28 Februarie 20.7	12 800	28 800	51 200
28 Februarie 20.8	10 240	39 040	40 960
1 Desember 20.8	6 144	45 184	34 816
Aantekening:	Ingeruil teen R33 000 by Afrika Ondernemings Verlies: R1 816		

Berekenings:

Waardevermindering op 28 Feb. 20.8: 20% x 51 200 = 10 240

Waardevermindering op 1 Des. 20.9: 20% x 40 960 x $\frac{9}{12}$ = 6 144

Algemene Grootboek van Thabo Mpy

BATEVERKOPE

20.8					20.8		Opgehoopte		
Des.	1	Toerusting	AJ	80 000	Des.	1	waardevermindering op		
							toerusting	AJ	45 184
							Krediteurekontrole	KJ	33 000
							Verlies op bateverkope	AJ	1 816
				80 000					80 000

3. Vaste/Tasbare bates

	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting	Totaal
Koste	480 000	260 000	280 000	1 020 000
Opgehoopte waardevermindering	-	(147 000)	(136 640)	(283 640)
Drawaarde aan begin van jaar	480 000	113 000	143 360	736 360
Bewegings				
	440 000	360 000	160 000	960 000
	0	-	(34 816)	(34 816)
	0	(95 000)	(31 624)	(126 624)
	920 000	620 000	360 000	1 900 000

Berekenings:

Waardevermindering op voertuie vir jaar:

Oud: 25% x 260 000 = 65 000

Nuut: 25% x 360 000 x $\frac{4}{12}$ = 30 000

Totaal: 95 000

Waardevermindering op toerusting vir jaar:

Oorblywend: 20% x [(280 000 - 80 000) - (136 640 - 39 040)] = 20 480

Voorgestelde antwoorde

Nuut op 1 Des. 20.8: $20\% \times 70\,000 \times \frac{3}{12} = 3\,500$

Nuut op 1 Feb. 20.9: $20\% \times (86\,000 + 4\,000) \times \frac{1}{12} = 1\,500$

Totaal: $6\,144 + 20\,480 + 3\,500 + 1\,500 = 31\,624$

Byvoegings tot toerusting: $70\,000 + 86\,000 + 4\,000 = 160\,000$

Toerusting op 28 Feb. 20.9: $280\,000 - 80\,000 + 70\,000 + 86\,000 + 4\,000 = 360\,000$

Opgehoopte waardevermindering op toerusting, 28 Feb. 20.9: $136\,640 + 31\,624 - 45\,184 = 123\,080$

Kwartaal 1, Onderwerp 5: Vennootskappe

Oefening 1: Vennote

Aansuiwerings

1 Voorraad:

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
1.1	-3 000	-3 000		Onttrekkings	Handelsvoorraad
1.2	+4 500		+4 500	Handelsvoorraad	Krediteurekontrole
1.3	+1 020	+1 020		Handelsvoorraad	Handelsvoorraad-surplus [136 700 - (134 180 - 3 000 + 4 500)]
1.4	+600	+600		Verbruiksvoorraad voorhande	Skryfbehoeftes

2 Debiteure:

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
2.1	+250	+250		Bank	Oninbare skulde wat verhaal is
2.2	+296	-74		Bank (K296)	Debiteurekontrole
	-370			Oninbare skulde (K74)	Debiteurekontrole
2.3	+570	+570		Voorsiening vir oninbare skulde	Voorsiening vir oninbare skulde wat verhaal is
	[3 800 - (5% van {64 970 - 370})]				

Voorgestelde antwoorde

3 Salarisse:

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
3.1		-7 000	+5 180	Salarisse	Pensioenfonds Krediteure vir salarisse
			+560	Salarisse	Pensioenfonds
			+1260	Salarisse	SAID (Inkomstebelasting)
		-560	+560	Pensioenfonds bydrae	Pensioenfonds

4 Bank:

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
4.1		-332	-332	Bankkoste	Bank
		-256	-256	Rente op oortrekking	Bank
4.2	-300	-300		Versekering	Bank

5 Uitgawes:

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
5.1	+1 296 ($\frac{4}{12} \times 3\,888$)	+1 296		Vooruitbetaalde uitgawes	Tariewe
5.2		-340	+340	Water en elektrisiteit	Opgelope uitgawes
5.3	+650	+650		Vooruitbetaalde uitgawes	Verpakkingsmateriale
5.4	+480 ($\frac{2}{12} \times 2\,880$)	+480		Vooruitbetaalde uitgawes	Versekering
5.5		-2 000	+2 000 ($10\% \times 40\,000 \times \frac{6}{12}$)	Rente op lening	Opgelope uitgawes

Voorgestelde antwoorde

6 Inkomste:

Nr.	Bates	Eienaarsbelang	Laste	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
6.1		-4 686	+4 686 ($110/1320 \times 56\,232$)	Huurinkomste	Inkomste vooruit ontvang
6.2	+955 ($5\% \times 114\,600 \times 2/12$)	+955		Opgelope inkomste	Rente op vaste deposit

Oefening 2: Finansiële state (Vennootskappe)

Algemene Grootboek van NM Winkels

BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING

AANWENDINGSREKENING

20.8		Rente op kapitaal			20.8				
Feb.	28	(90 000 + 67 500)	AJ	157 500	Feb.	28	Wins en verlies	AJ	302 000
		Salaris: Ntuli	AJ	75 600			Lopende rek: Ntuli	AJ	14 475
		Salaris: Mathe	AJ	88 200			Lopende rek: Mathe	AJ	4 825
				321 300					321 300

Berekenings:

Rente op kapitaal:

$$\text{Ntuli: } (15\% \times 550\,000 \times 6/12) + (15\% \times 650\,000 \times 6/12) = 41\,250 + 48\,750 = 90\,000$$

$$\text{Mathe: } (15\% \times 450\,000) = 67\,500$$

Salarisse:

$$\text{Ntuli: } (6 \times 6\,000) + (6 \times 6\,600) = 36\,000 + 39\,600 = 75\,600$$

$$\text{Mathe: } (6 \times 7\,000) + (6 \times 7\,700) = 42\,000 + 46\,200 = 88\,200$$

$$\text{Onttrekkings: Mathe: } 150\,000 + (12 \times 1\,500) = 168\,000$$

$$\text{Wins: } 302\,000$$

$$\text{Rente + Salarisse} = 90\,000 + 67\,500 + 75\,600 + 88\,200 = 321\,300$$

$$\text{Nie 'n oorblywende wins maar 'n verlies} = 321\,300 - 302\,000 = 19\,300$$

$$\text{Verdeel: Ntuli } 75\% \times 19\,300 = 14\,475 \quad \text{Mathe: } 25\% \times 19\,300 = 4\,825$$

Voorgestelde antwoorde

KAPITAALREKENING: Ntuli

					20.7				
					Mrt.	1	Saldo	a/b	550 000
							Voertuig	AJ	100 000
									650 000

KAPITAALREKENING: Mathe

20.8					20.7			a/b	
Feb.	28	Bank	KBJ	20 000	Mrt.	1	Saldo		450 000
		Saldo	a/b	430 000					
				450 000					450 000
							Saldo	a/b	430 000

LOPENDE REKENING: Ntuli

20.8					20.7				
Feb.	28	Onttrekkings: Ntuli	AJ	90 000	Mrt.	1	Saldo	a/b	16 000
		Aanwendingsrekening	AJ	14 475	Feb.	2	Rente op kapitaal	AJ	90 000
		Saldo	a/b	77 125			Salaris: Ntuli	AJ	75 600
				181 600					181 600
					Mrt.	1	Saldo	a/b	77 125

LOPENDE REKENING: Mathe

20.7					20.8				
Mrt.	1	Saldo	a/b	1 200	Feb.	2	Rente op kapitaal	AJ	67 500
20.8									
Feb.	28	Onttrekkings: Mathe	AJ	168 000			Salaris: Mathe	AJ	88 200
		Aanwendingsrekening	AJ	4 825			Saldo	a/b	18 325
				174 025					174 025
Mrt.	1	Saldo	a/b	18 325					

Voorgestelde antwoorde

Oefening 3

NAAM VAN ONDERNEMING: MS Spaza

INKOMSTESTAAT VIR JAAR GEËINDIG: 28 FEBRUARIE 20.4

	Aante kenin g	
Verkope [952 000 – (9 230 + 1 200)]		941 570
Koste van verkope (680 000 – 800)		(679 200)
Bruto wins		262 370
Ander bedryfsinkomste		19 865
Huurinkomste [17 040 – (2 x 1 420)]		14 200
Kommissie-inkomste		5 325
Wins op bateverkope		40
Voorsiening-vir-oninbare-skulde-aansuiwering (3 300 – 3 000)		300
Bruto bedryfsinkomste		282 235
Bedryfsuitgawes		(243 760)
Pensioenfondsbydraes (5 300 + 1 200)		6 500
Bankkoste		3 700
Skryfbehoeftes (6 500 – 750)		5 750
Salarisse en lone (164 500 + 18 000)		182 500
Reklame (4 500 – 900)		3 600
Oninbare skulde (1 600 + 800)		2 400
Diverse uitgawes (26 200 – 2 000)		24 200
Handelsvoorraadtekort		2 130
